Teken

Jeffersonville, Indiana, USA
1 September 1963 (Oggend)

1 Julle mag sit. Môre, almal! Bly om vanmôre in die diens van die Here te wees, weer terug op … Het nie geweet of ons sou terugkom of nie, maar die Here het 'n weg voorsien en ons het teruggekeer vir die diens vandag. Nou ons verwag groot tye vandag, vanmôre, in hierdie Sondagskoolles, in die Woord. En vanaand sal weer genesingsdienste wees, met nagmaaldiens wat dit volg.

2 En nou het ons 'n—'n toewyding van baba, ek glo die … Broer Neville het my pas gesê dat iemand hulle baba toegewy wil hê. En as hulle dan die baba op hierdie tydstip sal bring. En ons broer sal bly, of sommige van hulle, by die orrel of klavier, een. En bring dan die baba hierheen. Ons sal die toewydingsdiens hê; sodat ons reg kan inkom, vinnig soos ons kan, in die Woord.

Want, ons wil graag by—by die Woord uitkom. Dis—dis die hoofsaak, gee ons tyd presies aan die Woord van die Here. So ons is baie dankbaar vir die geleentheid om julle almal hier te ontmoet vandag en om … en hierdie—hierdie diens.

3 Ek moes verkeerd gewees het. Dis in orde, suster. Ek—ek—ek het gedink daar was. Miskien is dit net 'n fout. Goed. Nou, ek dank jou baie, net dieselfde. Miskien hierdie, ek dink dit het deur iemand anders gekom, deur iemand anders, en dit het dit net soort van moeilik gemaak.

Voel almal nou goed? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] …?… Lof aan God!

[Broer Neville sê: "Hier kom hulle op." — Red.] Nou, o, ja, hier is die klein kêreltjies. Ek is jammer. Ek is jammer. Goed, sal jy kom, ouderling. ["Ja, meneer."]

Wel, watter twee, gawe dogtertjies, dogtertjies met bruin oë! Huh? Dis mooi. Wat is haar naam? Kyk hier! [Die moeder sê: "Jennifer Lee." — Red.] Jenny? ["Jennifer Lee."] Jennifer Lee. Wat is die van? ["Serept."] Serept. Vanwaar is jy, Suster Lee? ["Versailles, Illinois."] Versailles, Illinois. Hoe gaaf!

4 Nou, in die Bybel. Nou, gewoonlik het hulle—hulle kinderdoop; ons glo nie in die doop van kinders nie, omdat hulle nog nie gesondig het nie, omdat hulle te jonk is. Maar ons glo daarin om kinders aan die Here toe te wy. Nou die ouderling en ek sal hande op die babatjie lê. Jenny, sê jy? [Broer Neville sê: "Jennifer." — Red.] Jennifer. Goed.

Laat ons ons hoofde buig.

Hemelse Vader, soos ons vanmôre hierdie dogtertjie, genaamd Jennifer, na U toe bring, het die moeder en geliefdes haar van ver af gebring om aan die Here toegewy te wees. Ons weet dat U U hande op sulke kleintjies gelê het, in U dae, en—en gesê het: "Laat kindertjies na My toe kom, en verhinder hulle nie, want aan hulle behoort die Koninkryk van die Hemel." Nou gee ons haar aan U, vir 'n lewe van diens, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

5 Wat is die ander dogtertjie se naam? [Die moeder sê: "Connie Lynn." — Red.] Connie Lynn. Goed, klein Connie, laat, jy laat my soort van klein voel. Wat, jy's bang? O, ek is bevrees dit sal nie werk nie, moeder. Goed.

Laat ons ons hoofde buig.

Here Jesus, die moeder bring hierdie klein Connie na ons vanmôre, in toewydingsdiens aan die Almagtige. U het haar hierdie kind gegee om groot te maak en sy bring dit na U, met die sustertjie. Ek bid, Hemelse Vader, dat U genadig sal wees. Seën die familie. Seën die dogtertjie. Soos ons hande op haar lê, in die Naam van Jesus Christus gee ons haar aan U vir 'n lewe van diens. Amen.

God seën julle en julle kindertjies daar.

Goeiste, ons het nou baie klein babatjies!

6 Wat is die seuntjie se naam? [Die moeder sê: "Joel Lee Watson." — Red.] Joel Watson. ["Joël Lee."] Joel Lee Watson. Wat 'n oulike seun, yslike groot blou oë! Goeiste! Waarvandaan is julle almal? ["Eastman, Georgia."] Van Georgia. ["Ja."] Ek het gedink julle was van die Suide. Ek het nie geweet … ["Wel, my ma is van Tifton omgewing. Dis daar."] O, ja. O, hallo! Hierdie is 'n goeie, klein Georgia seun, dan, huh? Goed, meneer. Ja, meneer, dis baie goed. Hy kan ook praat. Kan jy nie?

Laat ons ons hoofde buig.

Hemelse Vader, ons bring hierdie liewe seuntjie, soos die moeder en vader hier staan met—met betrekking tot hulle eenwording. U het hulle hierdie seuntjie gegee om groot te maak en hulle bring dit terug na U. Wat 'n—'n pragtige toneel sou dit wees, soos Hanna van ouds wat vir 'n kind gebid het; en—en God het haar die kind gegee, en sy het dit teruggebring na die tempel van God, in toewyding. Skenk, Here, dat hierdie seuntjie U dienskneg sal wees, dat die vader en moeder geseën sal word en gesondheid

en krag sal hê om dit groot te maak. En mag dit 'n lang, gelukkige lewe lei en U dienskneg wees, soos ons dit aan U toevertrou, in die Naam van Jesus Christus. Amen. (Seën julle!) En maak hom 'n goeie man, miskien nog 'n klein profeet soos Samuel.

7 Nou hier is twee gawe seuntjies. Goeiste! Drie van hulle, dan? Wel, dis die hele familie. Wat is jou naam? [Die seun sê: "Michael."] Michael. En joune is? [Die ander seun sê: "Paul."] Paul. Watter goeie name! En joune? [Die meisie sê: "Debbie."] Debra. Dis regtig goed. Michael en Paul en Debra. En wat is julle van? [Die vader sê: "Ellis."] Ellis? ["Ja."] Wel, dis 'n baie goeie familie, sê ek vir julle.

Julle weet, wanneer ek klein kêrels soos daardie sien, neem dit my altyd terug toe ek 'n klein seuntjie was. En nou is die ou gesegde, julle weet: "Hulle trap nou op jou voete en jou hart later," maar ek glo nie dit sal so wees wanneer ons hulle aan die Here toewy nie. Ons het 'n verantwoordelikheid hier en God het dit in jou hand geplaas. Hy het 'n prediker uit jou gemaak. Ek het altyd gesê van vrouepredikers, julle weet, maar elke moeder is 'n prediker; hier is haar gemeente, sien, om hierdie kêreltjies reg groot te maak, terwyl pa werk. En jy het 'n verantwoordelikheid. God seën julle albei. Jy het 'n mooi klein familie.

8 Ons Hemelse Vader, ons kom met klein Michael, lyk asof hy die eersgeborene was. En ons plaas ons hande op hom in toewyding aan Jesus Christus. Sy familie bring hulle kleintjies omdat U dit in hulle—hulle sorg geplaas het, en hulle weet dat hulle onvoldoende is sonder U hulp, so hulle bring hulle familie om hulle toe te wy.

Nou gee ek klein Michael hier vir U vir 'n lewe van diens, in Jesus Christus se Naam. Net so lê ons hande op klein Paul en wy ons sy lewe toe aan Jesus Christus, vir 'n lewe van diens tot die heerlikheid van God. En op klein Debra, lê ons hande op haar, Vader, in toewyding, herdenking van Jesus Christus, Wat Sy hande op kindertjies gelê het, het gesê: "Laat hulle na My toe kom; moet hulle nie verbied nie." Mag hierdie dogtertjie se lewe geseën word in die Koninkryk van God.

Seën die vader en moeder en mag hulle lewe, lang gelukkige lewens, om hulle kinders in diens van God te sien. Ons vra hierdie seëning tot die heerlikheid van God, soos ons hulle toewy in Jesus Christus se Naam. Amen.

Seën julle! Seën julle! Julle is 'n goeie familietjie. Ja.

9 Wat 'n … Julle weet wat ek dink? Klein dogtertjies raak, is nou mooier as altyd toe ek 'n klein seuntjie was. Ja, meneer. Watter groot mooi oë! Wat is haar naam? [Die moeder sê: "Joanna." — Red.] Joanna. En julle van is … [Die vader sê: "Blair."] Blair, Joanna Blair. Julle wat daar agter kyk, is sy nie 'n pop nie? Ja, meneer. En hoe gaan dit met jou, Joanna, huh? Soort van 'n klein bietjie skaam, Joanna, net 'n bietjie skaam. 'n Pragtige dingetjie.

Laat ons ons hoofde buig.

Ons Hemelse Vader, hierdie familie van Blairs het hierdie geskenk tot hulle eenwording gehad, hierdie klein Joanna. En ons weet dat die dae boos is wanneer Satan oral is om te omring, veral hierdie dogtertjies. En hulle weet dat hulle onvoldoende is om—om haar reg groot te maak. En hulle wil hê sy moet reg grootgemaak word en om 'n dienskneg vir U te wees. En hulle maak hierdie dogtertjie groot om U te eer. En nou bring hulle haar in toewyding na U. Ons lê ons hande op haar in die Naam van Jesus Christus terwyl ons klein Joanna Blair toewy aan die Koninkryk van God, tot die heerlikheid van God. Amen.

Seën jou, Broer Blair. Die Here wees met julle.

10 Goeiemôre, meneer! [Die vader sê: "Môre!" — Red.] Wat 'n goeie seun is dit nie! Haai, hoe gaan dit? Wel, goeiste, jy lyk beter as jy *hierdie* kant toe sou omdraai. Ja, meneer. Het 'n oulike, mooi koppie en 'n gesig om daarmee saam te gaan. Huh? Wat is sy naam? ["Daniel Mark."] Daniel Mark. En jou van? ["Mark Kardum."] Kardum. ["Kardum."] Kardum, Daniel Mark Kardum.

Van hierrond, Broer Kardum? [Broer Kardum sê: "Nou, stad van Melkerk." — Red.] Ja, meneer. Vanwaar is jy? ["Ek is oorspronklik van New York State."] New York State, 'n Yankee, reg. ["Ja."] Wel, dis 'n groot staat. Ek het 'n paar mense wat daar woon. My oom woon in Plattsburgh. O, ek het baie pret in New York gehad. Gaan daarheen met my volgende byeenkoms, New York Stad, Die Steen Kerk daar. Goed.

Nou, sy naam is Mark, sê jy? [Die vader sê: "Daniel Mark." — Red.] Daniel Mark, wat 'n gawe seuntjie!

Laat ons ons hoofde buig.

Here Jesus, ons bring vir U klein Daniel Mark in toewyding van sy lewe. Dis gegee in die hande van die vader en moeder om hierdie kindjie groot te maak in die vermaning van God. En hulle weet dat hulle onvoldoende is, so hulle bring dit na U, Here, dat U sy lewe sal seën. En, nou, en ons weet dat die dag

boos is waarin ons lewe. Ons sien hierdie kêreltjies, ons weet net nie wat môre inhou nie, maar, wat dit ook al is, ons vertrou hulle in U hand. Ons lê hande op hierdie seuntjie en wy sy lewe aan U vir 'n lewe van diens in die Koninkryk van God, in Jesus se Naam bid ons. Amen.

God seën jou, broer. Hy's 'n goeie seun. En seën jou, klein Mark.

O … hulle in, bring hulle in,
Bring hulle uit die velde van sonde;
O, bring hulle in, bring hulle in,
Bring die kleintjies na Jesus.

Dis wonderlik! Dankie, suster.

11 Hoeveel was hier Sondag, waarvoor gebid is verlede Sondag, voel die resultate en voel jy is genees? Steek julle hande op vir wie gebid is. O, goeiste, kyk hier, omtrent elkeen van hulle.

[Broer Neville sê: "Halleluja! Is dit nie wonderlik nie! Prys God! Ek het die hele week daarvan gehoor." — Red.] Ja, meneer. Ek het ook. Ek wil net sit, luister, sien.

Sien, iets vind plaas waarvan ek julle later sal vertel. So, nou, sien, dis—dis heerlik en wonderlik. En as ons … Ons sal daaroor praat in een of ander byeenkoms, julle weet, een of ander tyd. Dit begin net plaasvind en ons is so dankbaar daarvoor.

12 En ek was onder in Kentucky, soos ek elke jaar maak, daarheen gegaan. Ek was saam met sommige van my vriende daar. En dit is nie heeltemal om eekhorings te jag nie, en julle weet dit, sien.

So ons het net 'n heerlike tyd en ons is dankbaar teenoor die Here!

13 Ek moet nou gaan, moet huis toe gaan na hierdie diens. En dan, en ons is … Dan sal ek weer terug wees na 'n ruk, gaan na New York vir 'n byeenkoms. En as ons die kans kan kry om 'n bietjie oor te stop, wel, ons—ons sal bly wees om nog 'n diens hier by die tabernakel te hê.

En dan moet ek terugkom, na Shreveport gaan. En dan gaan ons terug huis toe en beoog om hier te wees deur die vakansie, as die Here wil, die familie terug te bring. En dan—en dan wil ek …

Dan kom my byeenkoms in Phoenix, in Januarie. Dis die jaarvergadering daar vir die Christen Sakemanne. En omtrent 'n week of tien dae voor dit, gaan ek probeer om—om daardie groot … Die Jesus se Naam mense; dit was altyd Broer Garcia, en die—die Spaanse broer daar het 'n wonderlike, groot plek daar gehad. Hulle het dit pas gebou. Dit sal etlike duisende mense sit, splinternuut, en hulle gemeente is baie klein. Hulle het vir my gesê ek kan dit huur enige tyd wat ek wil. In plaas van net 'n—'n panorama te neem, net deur die vallei, kerk na kerk, dink ek ek sal net die ding konsentreer in een groot eenheidsvergadering, julle sien, en dit dan daar hê.

14 En dan kan ons die tempel huur. Ons gaan nou uitvind of ons kan, en dan die Christen Sakemanne se Konvensie hou. Dan, totdat die oorsee uitgesorteer word, gaan ons probeer om dienste deur die Suide te reël, vir Januarie, en Februarie, en Maart, deur die Suidlande. En dan—dan gaan … want as ons nou begin en in Afrika ingaan … Sien, hierdie Kerstyd, vir hulle, is die vierde Julie. Sien, dis—dis reënerig en sleg en jy kan nie daar inkom gedurende daardie tyd nie, so die beste tyd om daar in te gaan, is lateraan. En dan wil ons begin, as ons kan, in Noorweë, en afkom rondom die wêreld, en inkom in Afrika, om daar onder te beland, as die Here wil.

Maar bid nou vir ons. En ons het julle lief en julle weet dit. So ons verwag die uitermatig oorvloedige, bo alles wat ons kan doen of selfs dink die Here kan doen.

15 En ons glo vanaand sal daar 'n groot genesingsdiens wees. Ek glo daar sal 'n … Ek sal nie lank praat nie, want ons het nagmaal vanaand. En so omtrent twintig of dertig minute, dan sal ons die gebedslyn hê en—en dan onmiddellik daarna sal ons—die nagmaal hê. En julle is welkom om by ons te bly; ons sal bly wees. Ons het nie 'n—'n geslote nagmaal nie. Dis vir elke gelowige, elke gelowige.

En voor ek die Skrif lees, wonder ek of ons ons hoofde net 'n oomblik sou buig. Ek gaan my goeie vriend, Broer Lee Vayle, vra of hy ons sal lei in 'n woord van gebed, dat God Sy Woord sal seën. Broer Vayle, sal jy dit vir ons doen?

[Broer Lee Vayle bid nou — Red.] Amen. Skenk dit, Here. Skenk dit, Here. Skenk dit, Here. Ja, Here. Amen.

16 Nou plegtig, eerbiediglik benader ons die Woord. Nou wil ek graag lees, vanmôre, van Eksodus die 12de hoofstuk, en vanaf die 12de vers, die 12de en 13de vers, ingesluit. En luister nou mooi. En dan voor nagmaal vanaand, lees die 12de hoofstuk van—van Eksodus, die hele hoofstuk; want net die 11de vers hier is die gereedmaak vir die reis, en die nagmaal voor die reis. En ons wil dit nou baie eerbiedig benader. Nou die 12de vers van die 12de hoofstuk.

Want Ek sal in hierdie nag deur Egipteland trek en al die eersgeborenes in Egipteland tref, van mense sowel as van diere. En Ek sal strafgerigte oefen aan al die gode van Egipte, Ek, die HERE.

Maar die bloed sal vir julle 'n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie.

Mag die Here Sy Heilige Woord seën!

17 Nou ek wil 'n teks daaruit neem, net een klein woordjie van vyf letters: *Teken*. Teken! Ek wil praat oor die woord, of hierdie Sondagskoolles leer, oor die woord van 'n "teken." Die Bybel het hier gesê: "En die bloed sal vir julle 'n teken wees." En ons wil die woord "teken" gebruik.

18 Nou ons weet nie; wanneer ek die horlosie dophou en wanneer dit tyd word, wel, hierdie is … Ek het baie, baie Skrifte hier neergeskryf. So nie … En in die wete dat ek nie vir 'n rukkie by julle sal wees nie. En hoe weet ons dit sal nie die laaste keer wees dat sommige van ons ooit sal ontmoet nie, so laat ons Dit net so eerbiedig probeer benader. Ek weet dat dit moeilik is. Die Here het ons nou 'n mooi oggend gegee, ook—ook, vir die diens, net mooi. En laat ons nou probeer konsentreer op alles waarvan—waarvan ons praat, sodat die … as daar enigiets daarin is wat die Here wil hê jy moet weet, dat dit vir jou gegee sal word.

19 En ons staan nie hier net om gesien te word nie. Ons het nooit hiernatoe gekom net sodat ander kon sien watter klere ons aangehad het nie. Of … Ons, ons kom hierheen vir een ding, soos ons broer daardie gebed gebid het: "Ons is hier om die Woord te hoor, die Woord wat na ons toe kom." Ons wil Dit hê, want dis die enigste ding wat enigiets vir ons gaan beteken, enigiets wat aansienlik gaan wees, enigiets wat—wat ons gaan help.

20 En ons is sterwende mense. Alle menslike wesens is op pad na die Ewigheid. En dan het ons soveel tyd om ons besluite te neem oor watter rigting ons gaan. En die pad is voor ons; ons kan enige kant kies wat ons wil kies. Dis hoe Hy Adam en Eva geplaas het, en dis hoe Hy ons plaas.

21 Ons moet onthou dat, ongeag wat ons doen, of hoe suksesvol ons is in die lewe, sonder Christus het ons alles totaal verloor. So as Hy, na … As Hy al is wat daar is om na uit te sien, dan sou ons die dwaasste mense wees om Dit nie te aanvaar, te wees, en—en Dit te koester nie. Nie net Dit aanvaar nie, maar jy kom by iets groter as dit. Nadat jy Dit gekry het, moenie Dit neem en Dit op die rak neersit nie. Dit moet gebruik word.

Soos om dokter toe te gaan om medisyne te kry en dit dan op die rak te sit. As jy gaan om die medisyne te kry, neem die medisyne. As daar 'n siekte is wat jou pla en hierdie middel is veronderstel om jou te help, neem jy wat hy jou gee; en net soos hy dit sê gee, want een of ander tyd maak net 'n paar minute 'n groot verskil in die manier wat jy dit gee. En hoe ons weet …

Maar in hierdie geval, vandag, kan net een oomblik van jou besluit jou Ewige bestemming bepaal. Neem Dit net soos Hy Dit aan jou oorhandig.

'n Teken: "Die bloed sal vir jou 'n teken wees."

22 Nou wat is eerstens 'n teken? Dis 'n woord wat algemeen gebruik word onder ons Engelssprekende mense, veral hier in Amerika. 'n Teken is 'n … Regtig, die woordeboek sê dat 'n teken 'n teken is, dis 'n teken van 'n tarief, prys betaal, sien; dat die—die prys, of 'n prys, 'n vereiste prys wat betaal is.

Soos 'n tarief op 'n trein of 'n tarief op 'n buslyn. Jy gaan in en koop jou—jou tarief en dan gee hulle jou 'n teken, en daardie teken kan nie vir iets anders as daardie trein gespandeer word nie. En dit is 'n teken vir die spoorwegmaatskappy dat jy jou reisgeld betaal het. Dis 'n teken en jy kan dit op niks anders spandeer nie. Dit werk nie op enige ander lyn nie. Dit werk net op daardie lyn. En dis 'n—dis 'n teken.

23 Nou hieronder, waarvan ons praat, waar ons begin, is God wat vir Israel sê: "Die bloed van die lam is 'n teken vir jou." Israel se lam, geslag, was Jehova se vereiste teken. Dit moet die bloed wees. God het 'n teken gemaak en dit vir Israel gegee. En geen ander teken sal werk nie, sien, dit kan nie herken word nie.

24 Vir die wêreld is Dit 'n klomp dwaasheid. Maar vir God is Dit die enigste manier. Die enigste ding wat Hy vereis, is daardie Teken. Dit moet daar wees. En jy kan nie die Teken hê voordat die reisgeld betaal is nie, dan is jy 'n besitter van die Teken wat jou die—die voorreg van 'n vrypas gee. "As Ek die Bloed sien, sal Ek oor jou gaan." Wat 'n tyd, daardie, wat 'n voorreg, om te weet dat jy die Pas binne-in jou pak. "Wanneer Ek die Bloed sien, sal Ek oor julle verbygaan." Dis die enigste ding wat Hy sal herken. Dis niks anders wat Sy plek kan inneem nie; geen plaasvervanger, geen denominasie, niks anders nie. Dit neem

Dit. God het gesê: "Dit alleen sal ek sien."

Maak nie saak hoe regverdig hulle was, hoe goed hulle was, hoeveel geleerdheid hulle gehad het, hoe hulle aangetrek het nie, die teken was die enigste ding. "Wanneer Ek die teken sien, sal Ek by julle verbygaan." Die bloed was 'n teken dat die—die vereiste van Jehova nagekom is, dat dit gedoen is. Die bloed het vir die teken gestaan. Die bloed was die teken. Sien? Die lewe wat …

25 God het gesê dat: "Die dag dat jy daarvan eet, daardie dag sterf jy." En daar was 'n plaasvervangende lewe geneem vir die lewe van die gelowige. God, in genade, het 'n plaasvervanger vir die lewe van die besoedelde persoon aanvaar. Toe Sy kind homself verontreinig het met sonde, deur die Woord nie te glo nie, toe het God, ryk in barmhartigheid, 'n plaasvervanger gemaak; en, dit was, iets moes in sy plek sterf. Niks anders kon werk nie.

26 Dis waarom Kain se appels en perskes, ensovoorts, nie gewerk het nie. Dit moes 'n lewe wees wat bloed daarin gehad het, en die lewe was weg uit die offerhande, en nou was die bloed 'n teken dat God se opdrag uitgevoer is. Nou, wat het God vereis? Die lewe; en die bloed het getoon dat daar 'n lewe moes weg wees. So die bloed was die teken dat die lewe gegee is, dat iets gesterf het, God se vereiste; dat 'n lewe gegee is en die bloed is vergiet. En die bloed het gestaan as 'n teken dat die lewe weg was. Die lewe van die dier wat God gespreek het behoort geneem te word, was die bloed wat vir die teken gestaan het. Sien?

27 Die—die—die gelowige aanbidder was geïdentifiseer met sy offerhande deur die teken. Ek wil nie te lank bly by hierdie klein aanhalings nie, maar wat jy die hele diens op een van hulle kan neem, maar ek wil 'n oomblik hier stop om dit uit te druk. Die—die—die gelowige moes geïdentifiseer word met sy offer. Sien? As dit net 'n offerande is en—en iewers daarbuite gemaak is, het hy dit gegee; maar hy moes daarin geïdentifiseer wees. Eerlikwaar, hy moes sy hande daarop plaas, eers, om homself te identifiseer met sy offerhande. En toe is die bloed geplaas tot waar hy onder die bloed kon staan. Die bloed moet oor hom wees. En dit was 'n teken dat hy homself geïdentifiseer het, skuldig, en bewys het dat 'n onskuldige plaasvervanger sy plek geneem het.

28 Wat 'n pragtige prentjie! O, 'n verloste! Sien, geregtigheid is nagekom en die vereiste van God se heilige geregtigheid is nagekom. En God het gesê: "Nou sal Ek jou lewe vereis," en dan, wanneer die—die—die lewe gesondig het. Toe het 'n onskuldige plaasvervanger sy plek ingeneem. En dit was 'n bloeddier; nie appel, perske nie. Dit behoort absoluut die slang se saad so duidelik te maak vir almal, dat dit bloed was. En hierdie bloed, wat nie uit vrugte kon kom nie, kom uit 'n onskuldige plaasvervanger. En die lewe het uitgegaan, ook—ook, in sy plek, en die bloed was 'n simbool dat die dier gesterf het en die bloed uitgegaan het.

29 En die aanbidder wat die bloed oor homself aangewend het, het gewys dat hy geïdentifiseer was in die verlossing, omdat hy homself geïdentifiseer het met die … by die offerhande, homself verbind het aan die offerhande, en die bloed het vir die teken gestaan.

Hoe—hoe wonderlik! Watter prentjie is dit nie! Dis 'n perfekte tipe van Christus, net presies, die gelowige staan vandag onder die gestorte Bloed, geïdentifiseer met die Offer. Net so volmaak as—as wat dit kan wees! En hoedat Christus, synde nie—nie 'n dier nie … Julle sien, die—die dier het gesterf, maar dit was …

Die mees onskuldige ding wat ons het, veronderstel ek, sou wees, die—die dier, die—die lam. Toe God Jesus Christus wou identifiseer, het Hy Hom as 'n Lam geïdentifiseer. En toe Hy Homself wou identifiseer, het Hy Homself geïdentifiseer as 'n voël, 'n Duif. En die duif is die onskuldigste en skoonste van al die voëllewe, en die—die lam is die onskuldigste en suiwerste van al die dierelewe. So julle sien wanneer die …

30 Jesus is deur Johannes gedoop en die Bybel het gesê: "En—en hy het die Gees van God gesien soos 'n duif wat op Hom neerdaal." Daarom as dit 'n … As dit 'n wolf sou gewees het, of as dit enige ander dier was, kon die—die natuur van die duif nie met die natuur van die wolf vermeng het nie, ook kon die—die natuur van die duif nie met enige ander dier vermeng nie, behalwe die lam. En daardie twee geaardhede het bymekaar gekom, toe kon hulle met mekaar saamstem.

31 Nou sien julle voorbestemming? Dit was 'n lam toe dit daar gekom het. Sien? Sien? Die … Dit was 'n lam toe dit—toe dit gebring is. Dit was 'n lam. Dit was 'n lam gebore. Dit was 'n lam grootgemaak. Sien?

En, daarom, dis die enigste soort ware Gees wat die Woord kan ontvang, wat Christus kan ontvang. Die res van hulle sal probeer, hulle het Dit probeer kry, en die Gees van God op 'n wolf geplaas, sien, kwaad, siek, gemeen. Dit sal nie daar bly nie. Die Heilige Gees vlieg net dadelik weg. Dit sal dit nie doen nie.

32 Wat as daardie Duif afgekom het en, in plaas daarvan dat Dit 'n Lam was, sou daar 'n ander dier gewees het? Dit sou vinnig Sy vlug geneem het en teruggegaan het. Sien? Maar toe Hy daardie natuur

gevind het waarin Hy kon meng, het Dit net Een geword.

En toe het die—die—die Duif die Lam gelei, en, let op, Dit het die Lam na die slagting gelei. Nou, die Lam was gehoorsaam aan die Duif. Sien? Maak nie saak waarheen Dit Dit gelei het nie, Dit was gewillig om te gaan.

33 Ek wonder, vandag, wanneer God ons lei na 'n—'n lewe van volkome oorgawe en diens aan Hom, wonder ek of ons gees dan nie een of ander tyd in opstand kom nie, soort van dit wys, wonder of ons lammers is nie? Sien? Sien? 'n Lam is gehoorsaam.

'n Lam is selfopofferend. Dit—dit neem nie—dit neem nie, eis nie sy eie nie. Kan dit reg neerlê en die wol daarvan afskeer. Dis die enigste ding wat dit het. Dit sê nooit—nooit iets daaroor nie; offer net alles op wat dit het. Dis 'n lam. Dit gee alles aan sy … gee alles weg, homself en alles wat dit is.

En dis hoe 'n ware Christen is, as hulle … hulleself opoffer, niks omgee vir hierdie wêreld nie, maar alles gee wat hulle het vir God. Sien?

34 En nou was dit die volmaakte Lam, wat Christus was. En dan deur die vergieting van hierdie lam, die natuurlike lam in Egipte, was die bloed aangewend, en, toe dit was, het dit gestaan as 'n teken, waarvoor sou die Bloed van hierdie Lam dan staan? Sien? Die Teken dat ons dood is vir onsself en geïdentifiseer met ons Offerhande. Sien? Dan, die Lam en die—en die—die Bloed en die persoon word saam geïdentifiseer, die Offer en die gelowige. Sien, jy is geïdentifiseer in jou lewe deur jou Offerhande. Dit maak jou wat jy is.

35 Toe was die bloed 'n teken, of 'n identifikasie. Die bloed het geïdentifiseer dat die aanbidder die lam geslag het, en die lam aanvaar het, en die teken op homself toegepas het, dat hy nie skaam was nie. Hy het nie omgegee wie dit gesien het nie. Hy wou hê almal moes dit sien en dit was in so 'n posisie geplaas dat almal wat verbygaan, daardie teken kon sien.

Sien, baie mense wil Christene wees en hulle—hulle—hulle hou daarvan om dit in die geheim te doen sodat niemand sou—sou weet dat hulle Christene is nie. Of, die—die medewerkers waarmee hulle rondhardloop, party van hulle dink: "Wel, nou, kyk, ek—ek—ek wil 'n Christen wees, maar ek wil nie hê *So-en-so* moet daarvan weet nie." Sien? Wel, nou, julle sien, dis nie Christendom nie.

Christendom moet sy Teken vertoon, sien, in die openbaar, in die openbare lewe, by die kantoor, op die straat, wanneer probleme rondom is, enigiets, in die kerk, oral anders. Die Bloed is die Teken en die Teken moet aangewend word, sien, of (dis nie) selfs die verbond is nie in werking nie.

36 Die bloed was 'n teken, of 'n identifikasie, wat identifiseer dat hierdie persoon verlos is. Nou, wel, let op, hulle het, hulle is verlos voor daar enigiets ooit gebeur het. Deur geloof het hulle die bloed aangewend. Sien, voor dit werklik gebeur het, is die bloed aangewend deur geloof, geglo dat dit sou gebeur. Sien? Voordat die toorn van God deur die land gegaan het, moes die bloed eers aangewend word. Dit was te laat nadat die toorn klaar geval het.

Nou het ons 'n les daar wat ons regtig kan, miskien tot julle gedagte bring, net 'n oomblik. Kyk, *voordat* dit gebeur, want daar kom 'n tyd wanneer jy nie in staat sal wees om enige Bloed aan te wend nie.

37 Die lam is doodgemaak in die aandtyd, nadat dit gehou is vir veertien dae. En toe is die lam doodgemaak en die bloed is aangewend in die aandtyd. Begryp julle dit? Die teken het nooit ontstaan tot die aandtyd nie.

38 En dit is die aandtyd van die eeu waarin ons lewe. Hierdie is die aandtyd vir die—vir die Kerk. Hierdie is die aandtyd vir my. Hierdie is die aandtyd van my Boodskap. Ek is sterwend. Ek gaan. Ek beweeg uit in die aandtyd van die Evangelie. En ons het opgekom deur regverdigmaking, ensovoorts, maar nou is die tyd wat die Teken aangewend moet word. Ek het julle verlede Sondag gesê ek het iets waaroor ek met julle wil praat; dit is dit. Die tyd dat wanneer jy—jy net nie Daarmee kan speel nie. Dit moet gedoen word. As dit ooit gedoen gaan word, moet dit nou gedoen word. Want ons kan sien dat die toorn omtrent gereed is om deur die land te gaan en alles uit onder daardie Teken sal vergaan. Die Bloed identifiseer jou. Let op.

39 Want die dierlike lewe kon nie terugkom op die menslike wese nie. Toe die bloed vergiet is, het die lewe uitgegaan, natuurlik, want dit was 'n eenheid. En toe die lewensbloed daarvan weggegaan het, die lewe anders as die bloed … Nou, die bloed is die chemie van die lewe, maar die lewe is iets anders as die bloed, maar die lewe is in die bloed. En die dierelewe kon nie terugkom op die aanbidder nie. Toe hy hierdie bloed van die lam vergiet het, moes hy die chemie toepas, omdat die—die lewe weg was en nie kon terugkom nie.

40 Want dit kon nie op 'n menslike wese kom nie, want die dierlike lewe het nie 'n siel nie. Die dier weet

nie dat hy naak is nie en hy—hy … Hy besef nie sonde nie. Dit ken niks nie, so daarom is dit 'n lewende wese, maar nie 'n lewende siel nie. Daarom, daardie dierlike lewe kon nie terugkom op 'n menslike lewe nie, want dit het nie 'n siel in daardie lewe gehad nie. Nou, daar is 'n lewe, 'n bloed; 'n lewe, en 'n siel in die lewe; die siel is die natuur van die lewe. Daarom, dit het geen sekere natuur gehad nie, dit was 'n dier, daarom het die bloed gestaan as 'n teken dat die lewe gegee is.

Maar in hierdie glorieryke plek, onder hierdie verbond, is daar 'n verskil tussen die Bloed en die Lewe. Die Teken vir die gelowige vandag is die Heilige Gees; nie 'n bloed, 'n chemie nie, maar Dit is die Heilige Gees van God. Dit is die Teken wat God vandag van die Kerk vereis. God moet hierdie Teken sien. Hy moet Dit in elkeen van ons sien.

41 Daarom, soos die aandskaduwees verskyn en die toorn gereed is om uit die Hoogte uitgestort te word op die goddelose nasies, en op die goddelose ongelowiges, op die—die professore sonder besitting, op hierdie dinge! En ek—ek het myself probeer ontvou en reg tussen dit woon, om te sien waar dit staan, voor ek hierdie dinge gesê het. Nou lewe ons in die skaduwees, en die toorn is gereed om te tref, en God vereis 'n Teken dat jy self Sy Teken ontvang het, die Heilige Gees. Dis die enigste weg, en die enigste teken dat God ooit sal verbygaan, want Dit is die letterlike Lewe van Jesus Christus wat teruggekeer het in die gelowige.

Die dierelewe kon nie terugkeer nie, daarom moes 'n bloed op die deur geplaas word, op die latei en op die deurpos; sodat elke verbyganger, die hele publiek, almal wat by die huis kom, geweet het dat daar 'n—'n teken aan daardie deur was van bloed, dat 'n lewe by daardie deur gesterf het. Amen!

42 Dis hoe dit moet wees met elke gelowige vandag, gevul met die Heilige Gees; 'n Teken dat die gestorte Bloed van die Lam, daardie Lewe wat in die Lam was, teruggekeer het en in die openbaar verseël is daarin, dat almal wat verbygaan, met jou praat, enige assosiasie met jou het, sien dat die Bloed aangewend is en die Teken van die Lewe wat in daardie Bloed was, op jou is. Jy is veilig van die toorn. Dit alleen; nie lidmaatskap nie. Nee, meneer!

Die dierlike lewe kon nie op die gelowige kom nie, want dit was 'n dier, en dit het net van 'n gewete gepraat, wat getoon het dat daar 'n volmaakte Offerande sou kom.

43 En nou, hoe kan daar 'n meer volmaakte Offer wees as dat God Self die Versoening word, Self? Toe God vlees geword het, in Sy Eie skeppende Bloed, dat dit … enigste manier wat 'n Lewe van God ooit kon terugkom.

Want ons almal is deur seks gebore en daarom is die lewe wat daarin is van die wêreld, en daardie lewe sal nie standhou nie. Dis die ding wat alreeds geoordeel en veroordeel is. Jy kan dit nie lap nie. Daar is geen manier om dit te lap nie. Daar is geen manier om—om dit uit te stryk nie. Daar is geen manier om dit beter te maak nie. Dit moet sterf! Dis die enigste vereiste wat daar is. Dit moet sterf.

En die Plaasvervanger, 'n Lewe van Jesus Christus, moet in jou inkom, wat die Heilige Gees is, God se Teken; dat jy die Bloed van Sy Seun, Jesus Christus, aanvaar het.

Daarom, in die dae van Wesley of … Die dae van Luther was dit gedink: "om te glo." In die dae van Wesley: "die chemie van die Bloed." Maar hierdie is die laaste dag, waar die—die Teken vereis word. En dit maak, saam, die hele eenheid vir die Wegraping. Sien julle dit? [Gemeente sê: "Amen." — Red.]

44 Water, bloed en gees kom wanneer 'n moeder geboorte gee aan die baba. Die eerste ding wat breek, 'n normale geboorte, is 'n water, die tweede ding is 'n bloed en die volgende ding is lewe.

Daar het gekom van die liggaam van ons Here Jesus Christus: water, Bloed en Lewe. En die hele Kerk, die Bruid, tesame, is opgemaak deur regverdigmaking, heiligmaking en die doop van die Heilige Gees, wat die Teken is.

45 Soos Hebreërs 11 sê: "Hulle het rondgeloop in skaapvelle en in bokvelle; hulle het gebrek gely, hulle is verdruk, mishandel, en al hierdie dinge wat hulle gedoen het, sodat hulle nie sonder ons volmaak sou word nie."

46 En die Kerk in hierdie dag wat die Teken ontvang het van die doop van die Heilige Gees, dat die Bloed gestort is en dat die Heilige Gees op die Kerk is; sonder ons, dan, kan hulle nie opstaan nie. Maar hulle maak staat op ons, want God het belowe Hy sou Dit hê, en iemand gaan daar wees. Ek weet nie wie dit gaan wees nie, maar iemand gaan Dit ontvang. Die enigste een ding waarvoor ek verantwoordelik is, is om Dit te preek. Dis God se besigheid om uit te kyk vir daardie voorbestemde saad. Daar gaan egter daar wees. Want hulle gaan daar wees, elkeen van hulle, een met die ander; die water eeu, die Bloed eeu, en nou die Teken eeu van die Heilige Gees.

47 En, onthou, Israel het deur baie dinge gekom, maar dit was aandtyd toe die teken vereis is; nie in die môre nie, nie in die voorbereiding, die veertien dae van die versorging van die lam nie. Israel het

geweet iets kom.

So het Luther dit geweet, so het Wesley dit geweet, so het Finney, Knox, Calvyn, dit geweet. Dit is Dit! Hulle het geweet daar sou 'n tyd kom dat die Vuurkolom sou terugkeer na die Kerk. Hulle het geweet daar sou 'n tyd kom dat hierdie dinge sou gebeur, maar hulle het nie gelewe om dit te sien nie, maar hulle het uitgesien daarna.

Israel het geweet iets sou kom, maar dit was in die aandtyd toe daardie lam se bloed, die teken, op die deur geplaas is. Tog, die lam was alreeds opgesit.

48 Dit was die Lam al die pad deur. Dit was die Lam in Luther se tyd, dit was die Lam—Lam in Wesley se tyd, maar nou is die Teken tyd wanneer elke huis bedek moet word deur die Teken. Elke huis van God moet deur die Teken bedek word. Alles wat binne-in dit is, moet deur die Teken bedek word. En die Huis van God is die Liggaam van Jesus Christus, en deur een Gees word ons almal gedoop in hierdie Teken en word deel Daarvan, dat, God het gesê: "Wanneer ek hierdie Teken vertoon sien, sal Ek oor julle gaan." Wat 'n uur leef ons nie nou in nie! O!

49 'n Bloed het geïdentifiseer, het die gelowige geïdentifiseer, omdat die lewe uitgegaan het, kon nie terugkom nie, so hy moes 'n—'n chemie gehad het. Hy moes soos 'n verf gehad het, 'n bloed, 'n chemie wat gewys het dat lewe daaruit gegaan het.

Nou die einste Gees Self is die Teken. Die Heilige Gees Self is die Teken, nie die Bloed nie. Die Bloed is op Golgota gestort, dit is waar. Maar die Bloed, so ver as wat dit is, het teruggegaan in die elemente waaruit dit gekom het, van die kos waarop Hy gelewe het. Maar, julle sien, binne daardie Bloedsel was 'n Lewe wat die Bloedsel begin beweeg het. As dit was … Die chemie het geen Lewe daarin gehad nie, self, en daarom kon dit nie beweeg nie. Maar toe die Lewe in die chemie van die bloed inkom, het Dit 'n sel gevorm. Dit het Sy Eie sel gevorm, toe sel na sel, toe het dit 'n Man geword. En daardie Man was God, Emmanuel, in vlees. Maar toe daardie Lewe teruggekeer het, het die chemie daarheen gegaan, maar die Teken is die Heilige Gees op die Kerk, dat hulle Christus sien.

50 Dit moet wees, want 'n vrou en haar man word een. Hulle word een. En so word die Bruid en Christus Een. Die bediening van die Bruid en die bediening van Christus, is dieselfde. En onthou: "Hierdie eerste boek, O Theofilus, het ek aan julle geskryf, wat Jesus begin doen het en steeds doen." Sy dood het Hom nie gestop nie. Nee, meneer! Hy het weer teruggekeer. Nie 'n derde persoon nie, maar dieselfde Persoon het weer teruggekeer in die vorm van die Heilige Gees, en om voort te gaan met die werk; en gaan voort, het die Boek van Handelinge gesê. "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Dis die Teken. Dis die teken.

51 Toe Petrus en Johannes deur die Poort gegaan het, genaamd die Skone, het daar 'n man gelê wat kreupel was, verlam van sy moeder se skoot, en hy het gesê: "Silwer en goud het ek nie; maar wat ek het, gee ek julle. In die Naam van Jesus Christus van Násaret, staan op en loop." Sien? En hulle het met hulle gepraat en geweet dat hulle onkundige en ongeletterde manne was, maar hulle het opgemerk dat hulle by Jesus was. Sien, die Teken was daar vertoon. Sien: "Wat ek het!" Sien 'n arme, gevalle broer wat daar lê, kreupel en misvorm, en alles. En dieselfde Lewe wat in Christus was, was in hulle: "Wat ek het!"

"In My Naam sal julle duiwels uitdryf." Nie: "Ek sal." "Jy sal!" "As jy vir hierdie berg sê!" Nie: "As Ek sê." "As jy vir hierdie berg sê!"

O, broer, die uur van daardie Teken om vertoon te word is op hande. Ons kan dit sien. Ons weet dat ons nou naby die einde is. Ons het alle soorte boodskappe na vore gebring, om tekens en wonders te toon, en nou hier kom ons terug vir wat die Kerk moet doen. Die Teken moet vertoon word. "Wanneer Ek die bloed sien, sal Ek oor julle gaan." Niks anders sou werk nie. Dit moet die Bloed wees. Nou, die Heilige Gees is ons Teken, van God.

52 Toe 'n groot teoloog, 'n—'n geleerde, 'n Baptiste broer, goeie man, goeie karakter, toe hy eenkeer na my toe gekom het, en hy gesê het: "Broer Branham," het hy gesê: "jy praat van hierdie Heilige Gees," hy het gesê: "wel, dis niks nuuts nie." Het gesê: "Ons het Dit die heeltyd onderrig, deur die eeue." En ek—ek het gesê, wel, ek sal … Hy het gesê: "Ons het die Heilige Gees ontvang."

Ek het gesê: "Wanneer het jy Dit ontvang?"

Hy het gesê: "Toe ek geglo het." Want ek het geweet dit was Baptiste teologie, dat jy, wanneer jy glo, jy die Heilige Gees ontvang.

Ek het gesê: "Toe het Paulus gesê, in Handelinge 19, vir 'n klomp, 'n groep Baptiste, wat, 'n Baptiste prediker wat een van Johannes se bekeerlinge was, deur die Bybel bewys het dat Jesus die Christus was."

53 "Toe hy deur die boonste kus van Efése gegaan het, het hy sekere dissipels gevind en hy het vir hulle gesê: 'Het julle die Heilige Gees ontvang sedert julle geglo het?' Hulle het gesê: 'Ons weet nie of daar enige Heilige Gees is nie.'" Toe het hy gevra hoe hulle gedoop is. En hulle was nie gedoop in die Naam van Jesus Christus, die geofferde Lam nie. Hulle was glad nie met Hom geïdentifiseer nie. Hulle het dit net geglo; soos die medisyne wat daar staan en dit nie geneem het nie. Paulus het hulle beveel om weer oorgedoop te word, in die Naam van Jesus Christus.

En toe hy dit gedoen het, toe het die Teken op hulle gekom. Hulle is geïdentifiseer deur die werke en tekens van die Heilige Gees, praat in tale deur hulle, en profeteer, en verheerlik God. Hulle is geïdentifiseer soos—soos met hulle Offerhande.

54 En die Heilige Gees is ons identifikasie. Dis wat ons as Christene identifiseer. Nie ons lidmaatskap in kerke nie, nie ons begrip van die Bybel nie, nie hoeveel jy van die Bybel weet nie. Dis hoeveel jy van die Outeur weet, sien, hoeveel die Outeur in jou lewe. Dis jou—dis jou self weg. Jy's nie meer nie. Jy reken jouself dood en die Teken is wat in jou lewe. En Dis nie jou lewe nie; Dis Hy.

Paulus het gesê: "Die lewe wat ek nou leef." Hy het 'n ander lewe gelewe as wat hy eens gedoen het. "Dis nie ek nie, maar Christus wat in my lewe." Daar is die geïdentifiseerde Teken wat God vereis het. Geïdentifiseer met ons … Identifikasie met ons Offerhande, die Lewe van ons Verlosser in ons, die Heilige Gees.

O, wat 'n—wat 'n positiewe Teken! Daar kan nie nog Teken wees nie. O, goeiste, as julle net die—die gedagte daaraan kon snap. As ek die—die krag gehad het vanmôre, met woorde, om uit te druk en in jou siel te plaas wat aan die binnekant is; nie jou ore nie, maar jou siel, en jy—jy kon die waarborg Daarvan sien. Dit—dit neem, Dit maak jou so ontspanne.

55 Wat as jy was, 'n misdaad gepleeg het, en jy sou in 'n federale hof verhoor word. En jy weet dat as hulle jou skuldig bevind het, dat jy sou sterf, sou jy na 'n elektriese stoel gaan, of die gaskamer, of watter openbare teregstelling hulle ook al vir jou sou hê, miskien gehang, of iets, gehang, wat ook al die straf was. En jy weet dat jy gehad het … Jy was skuldig. Jy weet jy was skuldig en jy moet sterf as jy nie een of ander prokureur kry om jou te verteenwoordig nie, dit wat jou uit die ding kan kry. En nou sou jy die beste prokureur wou hê wat jy kon hê.

En dan om 'n prokureur te kry wat 'n goeie, slim advokaat was, jy sou voel dat jou saak 'n bietjie … jy kon 'n bietjie ontspan, want jy het 'n prokureur gehad. Maar steeds sou daar 'n vraag wees of hierdie prokureur die regter se idee kon verander, of die jurie kon verander; as hierdie prokureur, met sy uitgeslape woorde en die kennis van die wette, dit kon verander, en jou saak kon bepleit en bewys dat—dat jy moet lewe. Maar tog, in al sy—sy groot gesag en die groot toespraak wat hy kon maak, en die indruk wat hy op die jurie kon plaas of saam met die regter gehad het, sou jy—jy—jy … Miskien kan jy ontspan vir 'n paar minute, maar tog sal daar 'n vraag in jou gemoed wees: "Kan hy dit doen?"

56 Maar in hierdie geval word die Regter Self ons Prokureur. God het mens geword. Daar was geen prokureur wat dit kon doen nie. Ons kon nie een kry nie. Moses, en die Wet, die profete, niks kon dit doen nie. So het die Regter self beide Jurie, Prokureur en Regter geword; en het die geregtigheid van Sy Wet in Sy Eie hande geneem, en self die prys daarvan betaal. Hoeveel meer veilig kan ons wees? En Sy Eie Lewe teruggestuur op ons, as 'n getuienis dat Hy dit aanvaar het. Hoe veilig!

"Ja, al loop ek deur die dal van doodskaduwee, sal ek geen onheil vrees nie, want U is met my."

57 Toe Hy beide Regter, Jurie en—en Prokureur word, het Hy ons saak bepleit. Ons, skuldig bevind deur Sy Eie Wet; en Hy het gekom en die skuldige persoon se plek ingeneem, wat in die heiligdom was. Hy het sy sonde geneem. Hy het dit op Homself geneem en gesterf, en die prys betaal, en Sy Bloed gestort, en Sy Eie Teken, Sy Eie Lewe teruggegee.

Wel, ons is volmaak. Die saak word verdaag. Daar is geen sonde meer vir die gelowige nie. O God, wees genadig as die mense dit nie kan sien nie dat daar geen geval meer is nie. "Hy wat My Woorde hoor en glo in Hom wat My gestuur het, het die Ewige Lewe, en sal nie na die Oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe." Daar is die saak. Saak van die hand gewys! Geen saak meer daarvoor nie. Amen! Dan veilig, veilig met die Teken aangewend, wanneer die dood daarbuite begin slaan, het dit geen beheer nie. Sien? Ja.

58 Die Teken word aangewend. Net die Teken word nou erken. Sien, Hy het dit gedoen sodat die Teken kon kom. Die Teken was God se Lewe.

En toe God die eerste mens gemaak het, het Hy Hom 'n seun gemaak. En die seun was so korrup dat hy geluister het na sy vrou in plaas van God, en die vrou het geluister na die duiwel in plaas van haar man en toe dit het, het dit hulle so bederf, dat dit 'n besoedeling veroorsaak het. En Hy het geweet dat wanneer hulle dit gedoen het, hulle kinders in die wêreld moes inbring. Die vrugte in die middel van die boom kon nie aangeraak word nie en toe, toe dit was, het hulle hierdie sonde oor hulleself gebring. En

daarom was die hele menslike ras wat gebore is, in sonde. Daar, geen manier om uit te kom nie.

59 En toe het God neergedaal. Daar is net een manier om hom terug te kry; dis om weer vir Hom 'n seun terug te kry. En hoe kan Hy dit doen, wanneer Sy Eie Wet daar gestaan het en gesê het hy is "veroordeel"? Toe het die Vader Self een van ons geword. Dis die ware Lam. Dis Sy doel wat Hy in gedagte gehad het.

Dis waarom die Lam so geïdentifiseer was in die Tuin van Eden, in die wete dat die Lam en Duif op een tyd sou ontmoet, wanneer die Lam en Duif saam sou wees. Dis toe Hy geweet het, daardeur, dat ons almal saam kan wees. En Hy was gewillig om nou so 'n offer te maak, dat die Teken aangewend kon word, dat ons nie meer vreemdelinge is nie, ons is nie meer vreemdelinge nie, maar ons is seuns en dogters van God. Beide Adam en Eva, die vrou en die man, saamgevoeg, is seuns en dogters van God in Christus Jesus, deur Sy groot offer.

60 En dan, sodat daar geen fout sou wees nie! Die saad van hierdie lewe wat in die aarde geplant moet word, van hierdie liggaam wat 'n—'n verganklike saad is; en die lewe, as dit 'n verdraaide lewe in die saad is, vergaan dit saam met die saad. Maar Hy het Ewige Lewe daarin gesit en dit as Sy Eie geïdentifiseer, dat in die opstanding sal Hy dit weer opwek en niks sal verlore gaan nie. Sien julle wat ek bedoel? [Gemeente sê: "Amen." — Red.]

61 Daar is dit, dit kan nie nou vergaan nie. Die Lewe lê daaroor. Dis 'n Teken, lê oor daardie liggaampie, lê oor daardie siel van daardie persoon. Daar is 'n Teken daar, die Heilige Gees, dat dit aan God behoort. Dis Syne. "Wanneer Ek die Teken sien, sal Ek by julle verbygaan." 'n Positiewe Teken, die Heilige Gees is ons Teken. Daarom, wanneer jy die Heilige Gees ontvang, het jy van die dood na die Lewe oorgegaan. Dis al wat daaraan is, want Lewe is in jou. Jy kan nie meer vergaan nie.

Die Bybel het gesê: "Hy wat uit God gebore is, doen nie sonde nie, want hy kan nie sondig nie, want die Saad van God," amen: "die Saad van God bly in hom." En hoe kan hy sondig wanneer die sondelose God in hom is? Wanneer hy in 'n sondelose God is, hoe kan hy sondig? Maak nie saak wat hy gedoen het nie, die Bloed het hom bedek. Sien? Hy's nou 'n nuwe skepsel. Sy begeertes en ambisies is van die Hemel, want hy het verander van 'n kankerroos na 'n koring. Sy begeertes is nie dieselfde as wat hulle eens was nie, en hy vertoon dit.

Jy sê: "O, ek glo Dit." En sondig steeds? Nee! Jy's mislei. Sien? Dit kan niks vertoon behalwe die Teken nie.

62 Israel is beveel om onder daardie bloed te bly totdat marsopdragte kom. "Moenie daaronder uitgaan nie!" Toe hulle eenmaal onder daardie teken was, is hulle daarin verseël. "Moet dit nie verlaat nie!" Hulle het net daar gebly tot die middernag getref het en die basuine geblaas het. En toe die basuine geblaas het, die ou ramshorings begin blaas het, het elkeen uitgemarsjeer met sy voorsiening, oppad na die beloofde land.

So ook 'n man of vrou wat gevul is met die Heilige Gees, hy is verseël en beveilig van alle skade en gevaar. Sy hele lewe wys wat hy is, waar hy ook al loop, watter besigheid hy ook al doen, met wie hy ook al praat. Wanneer hy in kontak kom met vroue, wanneer hy in kontak kom met medewerkers, wanneer hy in kontak kom met alles, lê daardie Teken daar. Amen! Wanneer dit by die dood kom: "Ek sal geen onheil vrees nie, want U is met my," lê daardie Teken daar. Wanneer dit kom by die opstanding, sal hy daar wees, want God sal hom opwek in die laaste dag. Jesus het so gesê! "Wanneer Ek die Bloed sien, die Teken, sal Ek by julle verbygaan." O!

63 Onthou, as daardie teken nie vertoon is nie, is selfs die verbond nietig verklaar. Dis reg. Die verbond was nietig verklaar. Daar was geen—daar was geen verbond solank daardie teken nie daar was nie. Die teken het gestaan vir die verbond. God het 'n verbond met hulle gemaak, ja, meneer, maar die teken moes wees. Dit was nie in effek nie, die verbond was nie, tensy die teken daar was.

Daar mag baie Jode wees wat kan sê: "Kom hier! Ek het geen bloed aan my deur nie, maar ek wil julle iets wys, ek is 'n besnede Jood. Ek is besny." Dit het nie *dit* beteken nie. [Broer Branham klap sy vinger — Red.] "Wanneer ek die bloed sien! Wanneer ek die teken sien!"

Jy mag sê: "Ek is Baptis, Presbiteriaan, Metodis," of wat jy ook al wil wees.

Maar: "Wanneer ek die Teken sien!"

Jy sê: "Ek is 'n gelowige. My moeder was 'n lidmaat van hierdie kerk. My pa was 'n lidmaat van hierdie kerk. Ek was 'n lidmaat daar sedert 'n kind." Dit beteken nie *dit* nie. [Broer Branham klap sy vinger — Red.] "Ek lieg nie, steel nie. Ek doen nie *dit* nie. Ek …" Dit beteken nie *dit* nie. [Broer Branham klap sy vinger.] "Ek behoort aan Branham Tabernakel. Ek doen *dit, dat*, of die *ander*. Ek glo die hele Woord."

64 Daardie Jode kon sê: "Ek glo Jehova!" Hy sou geluister het na die Boodskap van die uur, as hy het.

Sekerlik.

Hulle het 'n klomp boodskappe gehad, maar Dit was die Boodskap van die uur. Sien? Ek glo die Boodskap van die uur. Ja. Die bloed is aangewend in die aandtyd.

Hulle mag gesê het: "Ek, ek's 'n Jood."

Mense sê vandag: "Ek is 'n Christen. Ek kan julle my lang lidmaatskap wys. Ek wil hê julle moet vir my sê waar ek ooit enigiets gesteel het, ooit in regshowe was. Wys my waar ek ooit egbreuk gepleeg het. Ek het nie al hierdie dinge gedoen, of so iets nie. Wys my een plek." Dit beteken nou niks nie. Nee, nee. Sien, maak nie saak hoeveel verbond hy was nie, die verbond is sonder effek. Dis oneffektief.

Jy sê: "Wel, ek's 'n Bybelstudent."

65 Ek gee nie om wat jy is nie. Sonder daardie verbond, is die toorn van God op jou. Sien? Dis reg. Dit het opgevang met jou. Ja. "Jou sondes sal jou uitvind." Wat is sonde? Ongeloof. Jy het die Boodskap nie geglo nie. Jy het die Woord nie geglo nie. Jy het die getuienis van die Teken Self nie geglo toe Dit Homself in ons midde geïdentifiseer het nie. En het jy Dit nie geglo nie? Maak nie saak hoeveel jy Dit nie glo nie, Dit moet aangewend word.

Jy mag sê: "Ek glo Dit. Ek glo Dit. Ek glo Dis die Waarheid. Ek aanvaar Dit as die Waarheid." Dan is dit alles goed, maar tog moet Dit aangewend word.

66 Wel, hierdie een Jood wat daar gestaan het, die bloed geroer het terwyl die lam gebloei het, gesê het: "Dit is Jehova."

En daar het 'n priester gestaan en gesê: "Ja, meneer, ek glo dis waar," maar op sy eie huis is dit nie toegepas nie. Hy wil homself nie daarbuite met daardie groep identifiseer nie; nee, meneer, hierdie fanatici met die bloed aan die deur. Hy wil nie daardie identifikasie hê nie. Maak nie saak hoeveel priester hy was, hoeveel hy die Woord geken het, hoe goed hy grootgemaak is, watter werke hy gedoen het, hoeveel hy aan die armes gegee het, hoeveel hy opgeoffer het nie!

Paulus het gesê: "Ek gee my liggaam om verbrand te word as 'n offerhande; gee al my goed om die armes te voed; ek het geloof om berge te versit, ensovoorts; en spreek in tale soos mense en engele; en al hierdie ander dinge," en gesê: "Ek is niks voor die Teken nie aangewend is nie. Totdat hierdie Teken!" Dis waaroor ek vanaand praat, die liefde. Sien? "Nou, totdat dit toegepas is, is ek niks." Sien?

67 Ek gee nie om nie, jy mag duiwels uitgedryf het. Jy mag die siekes genees het deur jou gebed van geloof. Jy mag al hierdie dinge gedoen het. Maar as daardie Teken nie daar is nie, is jy onder die toorn van God. Jy mag 'n gelowige wees. Jy mag in die preekstoel staan en die Evangelie preek. "Baie sal na My toe kom in daardie dag en sê: 'Here, Here, het ek nie in U Naam geprofeteer, in U Naam gepreek nie? Het ek nie duiwels uitgedryf in U Naam nie?'" Dis beide Metodiste, Baptiste en Pinksters. Jesus het gesê: "Gaan weg van My, julle werkers van ongeregtigheid. Ek het julle nooit eens geken nie."

"Maar wanneer Ek die Teken sien, sal Ek by julle verbygaan." Dis God se vereiste van die uur. Die aandtyd Boodskap is om die Teken toe te pas.

68 Satan het allerhande namaaksels gegooi, van handskud, en bewyse, en alles soos dit. Vergeet dit! Die uur het aangebreek dat die Teken Self; nie een of ander nagemaakte, skyngeloof, plaasvervanger, enigiets nie.

Die uur is hier wanneer die Teken Homself reg onder ons identifiseer en bewys dat Hy dieselfde Jesus is gister, vandag, en vir altyd, en Hy is reg met die Woord. Dit moet toegepas word. 'n Man wat sê hy het die Teken, ontken hierdie Woord, wat dan daarvan? Sien, jy kan dit nie doen nie. Die Teken moet daar wees. "Wanneer ek … Die bloed sal vir julle 'n teken wees." Nou die Heilige Gees, die Lewe wat in die Bloed was, is 'n Teken vir julle. Kom daarby binne 'n oomblik, sien. Die Heilige Gees is die Teken. Die saak is afgehandel. Ja, meneer. Nou, onthou. En ek …

69 Maak nie saak wat jy is, hoe goed jy is, hoeveel keer jy *op-en-af* gespring het, by hoeveel kerke jy aangesluit het, hoeveel goeie dinge jy gedoen het nie, dit sal nie een ding vir jou beteken as die Teken nie aangewend word nie. Hierdie is die aandtyd. Dit het goed gewerk in die dae van Luther, dit het goed gewerk in die dae van Wesley, maar dit werk nie nou nie. Nee.

Ja, om die lam te onderhou was toe goed. Diegene wat toe gesterf het voor die lam aangewend is, die bloed, dit was anders. Ja, meneer. Hulle het voortgegaan as gevolg van goeie gewete. Hulle sou geoordeel word of hulle—hulle nou …

As hulle voorbestem was, het dit hulle getref. As dit nie het nie, het dit nie. Dis al. Dis net God. "Hy—Hy regverdig wie Hy wil, ontferm Hom oor wie Hy wil, en Hy veroordeel wie Hy wil." Hy is God. Dis al. "Hy ontferm Hom oor wie Hy barmhartig is en veroordeel wie Hy wil veroordeel."

70 'n Jood kon duidelik wys, deur die besnydenis, dat hy 'n gelowige is.

Daar is baie manne, fundamentele manne, wat hierdie Bybel kan neem en sê: "Ek is 'n gelowige, en Jesus het gesê 'deur geloof' ons is gered. En ek is 'n gelowige, maar daardie doop van die Heilige Gees is onsin." Dan word die Teken nie aangewend nie. Nie hoeveel, hoeveel hy glo nie, dis nietig verklaar.

Net soos die besnydenis van die Jood. Hy sê: "Ek is 'n Jood. Waarom moet ek soontoe gaan en optree soos daardie ander klomp fanatici?"

71 Moses het op-en-af in die straat gestaan en gesê: "Die aandboodskap is hier! Dit sal gebeur, aan die einde van die veertien dae sal julle die gemeente bymekaar maak en die lam slag. Die hele vergadering van Israel sal dit doodmaak, hulle hande daarop lê, hulleself daarmee identifiseer. En die bloed sal op die kosyn en op die latei van die deur geslaan word, en: Wanneer ek die bloed sien, sal Ek oor julle gaan, want dit is 'n teken dat julle die dood van die lam aanvaar het wat Ek vir julle voorsien het.'" Die bloed was die teken.

72 Nou die Gees is die Teken. "Julle sal vervul word met die Heilige Gees nie baie dae vandaar nie." En toe die Bloed gestort is, is die Teken afgestuur op die Pinksterdag, soos 'n rukkende, magtige wind.

Dit was die tema van elke apostel. Dit was: "Het julle die Heilige Gees ontvang sedert julle geglo het? Bekeer, elkeen van julle, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus vir die vergifnis van sondes, en julle sal hierdie gawe van die Heilige Gees ontvang, want dis 'n Teken, amen, dat julle van die dood na die Lewe oorgegaan het." Daar het julle dit. Toe daardie Heid- … Joodse kerk vervaag het, die Heidene dit oorgeneem het en daardie verdraaiing soos dit; nou het sy uitgekom om daardie oorblyfsel van die Heiden te kry, om Sy Naam se onthalwe, die Bruid.

73 Sien wat ek bedoel? Sien julle waarvan die Skrif hier praat? As die Teken nie vertoon is nie, dan was die verbond nie effektief nie. Sien? Dit moet wees. Want as jy sê jy glo en jy volg nie die instruksies van die Woord nie, dan glo jy nie. Sien? Al is jy besny, al sluit jy aan en al is jy gedoop, jy het al hierdie dinge so gedoen; dit is steeds nie die Teken, die Heilige Gees nie.

74 Hierdie goeie geleerde het met my gepraat, soos ek 'n ruk gelede gesê het. Hy het gesê: "Billy," het hy gesê: "Abraham het God geglo en dit is hom tot geregtigheid gereken. Wat meer kan die man doen behalwe dit glo?"

Ek het gesê: "Dit is waar, doktor. Dis reg. Hy het God wel geglo. Die Bybel het so gesê. Jy is reg. Sover jy gekom het, is jy korrek."

Solank die—die—die twaalf spioene wat uitgestuur was om oor te gaan en die land Kanaän te verken, solank hulle vorentoe gegaan het na Kanaän, het hulle veld gewen; maar toe hulle by die grenslyn kom, toe het hulle verwerp.

Ek het gesê: "Julle Baptiste is reg sover as wat julle kom, maar het julle die Heilige Gees ontvang sedert julle geglo het?" Ek het gesê: "Onthou, God het Abraham se geloof herken. Hy—hy het God geglo en dit is aan hom toegereken vir geregtigheid, dis waar, maar toe het God hom die seël van besnydenis gegee, as 'n teken, 'n teken vir hom." Nie dat sy vlees, besny, enigiets met sy siel te doen gehad het nie, maar dit was 'n teken dat Hy (God het) sy geloof herken het.

En Hy gee ons die teken van die Heilige Gees, dat Hy ons herken het as gelowiges. Want: "Bekeer julle, en word elkeen gedoop in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte is vir julle!"

75 Kry die punt nou. Die Jode, maak nie saak hoeveel hulle kon bewys dat hulle besny is nie, maar die teken moes getoon word. Indien nie daar nie, was die verbond nie effektief nie. Dit was nie.

Dieselfde nou, dieselfde ding. Maak nie saak wat jy doen nie, maak nie saak hoeveel jy—jy die Bybel kan verduidelik nie. Jy mag 'n Bybelstudent wees. O, goeiste! Jy mag—jy mag sê: "Ek is 'n gelowige, en alles." Maar steeds word die Teken vereis. 'n Bybelstudent, jy sê: "Ek was 'n goeie persoon, Broer Branham."

"Ek gee nie om wat enigiemand sê nie, jy kan nie daardie man klop nie. Ek het hom nog nooit enigiets verkeerd sien doen in my lewe nie." Dit het nie *dit* met God te doen nie. [Broer Branham klap sy vinger — Red.] Daar is een vereiste, en dit alleen!

En jy kan dit nie doen nie. Jy kan nie die bloed op die latei van die deur sit nie, waar die teken nie kon wees tensy die lam gesterf het nie. En die bloed was 'n positiewe teken dat die lam gesterf het. Geen skyngeloof nie; die lam het gesterf!

76 En die Heilige Gees is 'n positiewe Teken dat jou Lam gesterf het en jy het die Teken op jouself ontvang, want Sy einste Lewe is in jou. Sien? Daar is geen skyngeloof nie. Daar is geen aansit nie. Daar

is geen nabootsing nie. Dis daar! Julle weet dit. Julle weet dit. Die wêreld weet dit. Die Teken is daar.

Maak nie saak hoe goed die persoon was nie. Mag 'n Bybelstudent gewees het. Dit mag 'n … Dit mag enige soort van 'n—'n goeie kerklidmaat wees. Dit mag 'n goeie persoon wees. Dit mag 'n—'n denominasionele hoof wees. Dit mag die—die hiërargie van Rome wees. Ek—ek weet nie wie dit is nie, dit maak nie—dit maak dit nie iets nie.

77 Maar, Israel, enige Bybelstudent weet dat Israel 'n tipe van die Kerk was, presies, vir die beloofde land. En dis waarheen Sy op reis is.

Maar toe die aandtyd aangebreek het en die reis aan was, was daar een ernstige vereiste. Maak nie saak hoeveel Jood hy was, hoe goed hy sy oes gehou het, hoe goed hy vir die bure gesorg het, hoeveel hy gedoen het, hoe 'n goeie lidmaat hy was, hoeveel tiendes hy betaal het nie. Al hierdie dinge was goed. Dit was goed. Hy was 'n goeie man, erken onder sy mense as 'n goeie man. Maar sonder die teken van die bloed, het hy omgekom.

78 O, mag God my help, beide teenwoordig en in die bande, om dit vas te pen!

Maak nie saak nie, jy mag die Evangelie verkondig het, jy mag duiwels uitgedryf het, jy mag in tale gepraat het, jy mag geskree het, gedans het in die Gees, maar sonder die Teken.

Jy sê: "Kan ek dit doen?"

Paulus het gesê jy kan. "Al praat ek in tale soos mense en engele, al gee ek al my goed om die armes te voed, my liggaam om as 'n offerande verbrand te word, het ek geloof om berge te versit, en hierdie dinge, is ek nog niks." Moenie daarop staatmaak nie. Dis die Teken! Maak nie saak hoeveel jy gedoen het, hoe goed jy is nie; wanneer die toorn van God flits, sal dit net die Teken herken.

79 Dit is 'n Teken dat 'n prys betaal is, wat vereis is. En die prys wat betaal is, was die Lewe van Jesus Christus, en Hy het Sy Lewe gegee. En Sy Gees kom terug op jou, as 'n Teken dat jy ontvang word. En jy dra die Teken saam met jou, dag en nag, nie net op Sondag nie. Dis die heeltyd, jy het die Teken. "Wanneer ek … Die bloed sal vir julle 'n teken wees."

Jy sê: "Ek glo steeds. Ek is 'n gelowige." Dis in orde. Maar as jy die Teken verwerp, hoe gaan jy dan 'n gelowige wees? Dit spreek teen jou. Sien, dit spreek teen jou getuienis, wat jy doen.

Bybelstudent, goeie persoon, kerklidmaat, wat jy ook al is, beteken nie iets nie. Ja, meneer. Miskien is jou vader 'n prediker. Miskien was jou—jou moeder 'n heilige. Mag … Dis—dis in orde, hulle moet vir hulleself antwoord. Soos ek gesê het, probeer …

80 Mense probeer God een of ander groot, ou, vet, bederwende oupa maak, sien, en 'n klomp kleinkinders, net soos klein Rickys en Elvisse, en: "Daar is geen kwaad in hulle nie."

Nie God nie! Hy het geen kleinkinders nie. Hy is 'n Vader. Moet wedergebore word! Hy is nie 'n groot sagte bederf nie.

Hy's 'n God van oordeel. Die Bybel sê Hy is. Sy toorn is fel. Moet jy nie Daarop trap en verwag die goedheid van God neem jou eendag, in jou sonde, en neem jou Hemel toe nie. As Hy dit gedoen het, sou Hy dit alles hier verskoon en Eva geneem het. Jy sal Sy Woord glo, of jy sal … jy sal vergaan. En wanneer jy Sy Woord glo, sal die Teken op jou wees. Uh-huh.

81 Die dood was gereed om Egipte te tref daardie aand, enige tyd. Dit was 'n vreeslike tyd; al hulle seremonies, al hulle feesdae en vasdae.

God het hulle besoek. God het Sy groot tekens en wonders in hulle midde getoon. Wat is dit? Nou stop 'n oomblik. God het hulle Sy genade gewys. Hy het hulle 'n kans gegee.

Hulle kon Dit nie wegwys en sê: "O, daar is niks daaraan nie. Dis onsin. Dis net iets bo in die watervalle, daar was 'n uitbarsting van—van rooi modder wat uitgevlieg het, en dis wat die see rooi gemaak het." Toe het die hael gekom. Toe het die paddas gekom. God het 'n plek voorberei en Sy Woord in 'n profeet se mond geplaas. En wat hy gespreek het, dit het gebeur en hulle het dit gesien. Hulle kon dit nie ontken nie.

Waarvoor Moses geroep het, dis wat Moses van God gekry het, want hy het net die Woord van God gespreek. Hy het gesê: "Ek sal jou 'n god maak." Moses was 'n god vir hulle. Sien? Hulle het niks anders geweet nie, so Hy het gesê: "Jy sal 'n god wees en Aäron sal jou profeet wees. Sien, jy sal soos 'n god wees, want Ek sal jou neem, jou stem, en Ek sal saam met jou skep. En Ek sal praat en die mense kan dit nie ontken nie, want net daar is dit. Wat jy sê, sal gebeur." O, goeiste! Daar het julle dit. "Ek sal julle daardie dinge wys." Goeiste! En Egipte het dit gesien. Hulle het dit gesien net voor die aandtyd, of net teen die aandtyd.

Hy het hulle Sy goedheid gewys. Hy het gewys dat Hy dit kon wegneem, genees.

82 Magiërs het dieselfde ding probeer doen, die nabootsers. Jy vind hulle altyd. Daar was Jannes en Jambres, hulle het daar gestaan. Maar toe dit by die ware ding kom, het hulle dit nie gehad nie. Dis reg. Hulle het gevolg, 'n rukkie. Maar na 'n ruk was hulle gekkewerk gemanifesteer.

En sê die Bybel nie dieselfde ding sal gebeur in die laaste dae nie: "soos Jannes en Jambres Moses teengestaan het"? Maar hulle gekkewerk is gemanifesteer, en so sal dit weer wees. Sien? Daar is dit, manne van verdraaide verstand, ontheiligdes aangaande die Waarheid, die Feit. Hulle mag gemeentes en groot dinge hê, en groot, hoë, groot blomagtige dinge, maar die uur sal uiteindelik aanbreek.

Staan vas met die Teken! Dis wat God wil hê ons moet doen. Hou vas aan Sy Woord. Moenie Daarvan wegbeweeg nie. Bly reg Daarby. Die Bybel het so gesê.

Dood het toegeslaan. God het hulle genade bewys, magte en tekens getoon.

83 Nou laat ons net vir 'n oomblik of twee stop, op daardie horlosie daar. Laat ons net in ons gedagtes dink, terug, wat Hy belowe het sou gebeur in die laaste dae. Ek wonder of ons nie net omtrent nagaan nie, ook, sien?

Hy het al hierdie dinge gedoen en tog wou hulle steeds nie bekeer of die boodskap van die dag glo nie. Hulle wou dit steeds nie doen nie, hoewel dit voor hulle vertoon is en sekerlik bekend gemaak is.

En wanneer jy sulke dinge sien plaasvind, is dit 'n teken van komende oordeel. Oordeel sal daardie dinge volg. Dit het dit altyd gedoen en dit sal geen uitsondering wees nie. Sien? Oordeel volg op genade. Wanneer genade verwerp word, is daar niks oor behalwe oordeel nie. So dit sal dit altyd volg.

84 Nou, die toneel. Elke geestelike gebeurtenis is 'n teken van God. Wees versigtig. Let op dit, sien. Kyk, elke geestelike gebeurtenis, alles wat gebeur, is 'n teken. Ons is nie per ongeluk hier nie. Hierdie dinge gebeur net nie per ongeluk nie. Dis 'n teken. Dis 'n teken om vinnig na veiligheid te—te kom. Noag was 'n teken vir sy geslag; Elía was 'n teken vir syne; Johannes was 'n teken vir syne. Sien? Alles, die Boodskap van die uur, is 'n teken. Hou Dit dop, kyk wat Dit doen. Sien? Dis 'n teken. Alles het 'n betekenis.

En geen ander tyd kan hierdie tipe Boodskap ooit gebeur nie. Dit kon nie in Luther se dag gekom het nie, kon nie in Wesley se dag gekom het nie, dit sou nie eens in Pinksterdag gekom het nie. Dit kon dit nie doen nie. Sien? Daar's geen … het nie so iets gebeur nie, en tog is ons belowe in die Bybel. Sien? Ons is by die einde. Niks kon gebeur nie, dit kon nie gebeur het tot hierdie tyd nie. En dit gebeur as 'n teken. Wonder wat is die teken?

O, klein mensies, my broer, suster, kom vinnig onder daardie Teken. Sien? Moenie, moenie enige plaasvervanger neem nie. Moenie, moenie, moenie, moenie dit doen nie. Sien? Moenie Dit net voorstel nie. Jy bly daar totdat jy weet dat die Teken aangewend word, totdat (jou hele) die ingesteldheid wat in Christus was in jou is, totdat al die onsin van die wêreld weg is, sien, totdat die hele hartsbegeerte Hy is. Sien? Dit, dan, jy weet, dan weet jy iets gebeur. Jesus het gesê: "Hierdie tekens sal hulle volg wat glo," nie skyngelowiges nie, maar gelowiges. Sien? Nou, ons wil nie enige, enige kans daarop vat nie; julle moet dit nie doen nie.

85 Die Boodskap van die uur is 'n teken vir die kerke. Dis 'n teken vir die mense. Moenie … is julle, begryp julle dit? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Ek hoop, op die band, dat hulle dieselfde ding doen, sien, en ander dele van die wêreld. Sien, die uurteken is hier. Daar is 'n Teken wat aangewend moet word en geen ander tyd kon Dit gekom het nie.

86 Let op God se voorbereiding vir daardie tyd. Nou, soos ons weet dat die Bybel gesê het: "Al daardie dinge het gebeur as voorbeelde, julle sien, vir ons." Let op, toe God gereed gemaak het om Egipte te oordeel, het Hy eers 'n voorbereiding gemaak. Wat het Hy gedoen met die eerste keer? Hy verander nooit Sy orde nie.

Die eerste keer, toe Hy gekom het, toe Hy Sy voorbereiding gemaak het, het Hy 'n profeet gestuur met 'n boodskap. Die eerste ding wat Hy aan Sy mense gedoen het, was om 'n profeet met 'n boodskap te stuur.

Die volgende ding wat Hy gedoen het, om hierdie profeet te identifiseer, het Hy 'n Vuurkolom gestuur vir identifikasie, om dit te identifiseer.

En die derde ding wat Hy gestuur het, was die teken. Dis presies reg. Die teken, wat was die teken se betekenis? Versekering!

Eerstens, Sy profeet met die boodskap; Hy het Homself geïdentifiseer onder die … met 'n—met 'n Vuurkolom met Sy profeet; toe het Hy 'n teken gestuur, om onder hierdie bloed te kom, dat Hy hierdie

plaasvervangende dood in jou plek aanvaar het. Dan, die bloed was 'n teken waarna Hy gekyk het, dat jy die boodskap gehoor het, geglo het in die Vuurkolom, en die plaasvervanger aanvaar het wat Hy vir jou voorsien het, en jy was onder die bloed van die einste chemie van die lewe wat uitgegaan het vir jou. Goeiste! Wat 'n volmaakte, watter volmaakte ding is dit, sien, jy is onder die bloed.

87 Nou is jy onder die Gees, onder die Heilige Gees. Sien? Sien? Jy glo die Boodskap van die dag, sien, jy glo die—die—die—die—die krag, die—die—die Vuurkolom. Jy glo dit, sien, en jy glo.

88 Nou, nou kyk, net om Dit te glo is nie genoeg nie. Nie om—om … Om rond te loop waar Dit is, is nie genoeg nie. Sien, dis om jouself erger te maak: "Want hy wat weet om goed te doen en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde." Sien, daardie grenslyn gelowiges, Jesus het van dieselfde ding gepraat.

Hebreërs, die 6de hoofstuk: "Want dit is onmoontlik vir die wat eenmaal verlig geword het en deelgenote is van die Heilige Gees en die goeie Woord van God gesmaak het en die wêreld wat kom, as hulle afvallig word, om hulleself weer tot bekering te vernuwe; siende dat hulle vir hulleself die Seun van God kruisig; en ag die verbond van die Bloed waarmee hulle geheilig is met …" Die chemie daar heilig. Dit is nie die Teken nie. Die Bloed is nie nou die Teken nie. Die Lewe is die Teken.

89 Die lewe kon nie daar wees nie, want dit was 'n dier. Die chemie was die teken, jy sou letterlike bloed op die deur moes aanwend. Maar nou is dit die Heilige Gees. Ons kom daarby, net binne 'n oomblik, om dit te bewys, sien. Dis die Lewe wat die Teken is.

Jou lewe het verbygegaan en jy is dood, en jou lewe is dood. Jy is verborge in God deur Christus en daar verseël deur die Heilige Gees. Die ingesteldheid wat in Christus was, is in jou. En Christus en die Bybel en die Woord is dieselfde. "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God." Dan is jy, en die Woord, en God, en Christus, dieselfde. "En as julle in My bly en My Woord in julle, vra wat julle wil, dit sal gedoen word." Sien?

90 Plaas die krag reg in Moses se lippe om daarheen te gaan met Sy Woord en te spreek en paddas kom; spreek, paddas gaan weg; spreek, luise kom; spreek, lewe—luise gaan weg. Amen!

Maar toe is die teken vereis vir die hele Israel. Hierdie teken was van die hele Israel vereis. "En wanneer Ek die teken sien, sal Ek by julle verbygaan." O, goeiste, goeiste! Wat 'n versekering!

91 Israel wat uit Egipte gekom het, was 'n tipe, van die antetipe vandag. Egipte was die kerk en Israel het die Bruid verteenwoordig. En soos Israel uit Egipte gekom het, so kom die Bruid uit die kerk uit. Sien? Want daar moet iets daar wees vir Dit om uit te kom, en Dit moet uitkom, so, as dit 'n tipe was. Die—die kerk is onder in Egipte, in die wêreld en in sonde, en gee nie 'n—'n—'n bloue duit om vir jou Teken nie. Hulle glo Dit nie eens nie. Maar Israel het dit liefgehad, want dis verlossing vir hulle. O! O! Dit behoort ons gelukkig te maak, behoort ons harte … O!

92 Pas Dit toe, kerk! Moet nou nie faal nie. Sal julle nou? Moenie, moenie, moenie die son laat sak nie. Moenie, moenie, moenie, moenie rus nie, dag of nag. Moenie enige kans vat nie. Dit sal nie werk nie, kinders. Dit sal nie werk nie. Jy moet die Teken hê!

Jy sê: "Ek glo. Ja, ek gaan. Ek, ja, ek glo die Boodskap. Ek …" Dis in orde, maar, dit—dis goed.

Maar jy moet die Teken hê! Hoor julle, Branham Tabernakel? Jy moet die Teken vertoon hê! Daarsonder is al jou geloof tevergeefs. Sien? Jy sal 'n goeie lewe lei; luister jy na wat die Woord sê; jy gaan kerk toe; jy probeer reg lewe; dis goed, maar dis nie Dit nie. "Wanneer ek die bloed sien," dis die Teken. En die Teken hier is nie …

93 Want, wat, Hy—Hy moes die werklike chemie sien, want die lewe het gegaan, hy … het daaruit gegaan, dit was 'n dier.

Maar hier is Dit Sy Eie Lewe wat in die Bloed was. En die chemie was slegs 'n aanduiding of teken van heiligmaking, maar die Lewe Self is die Teken; want sonder die besnydenis, sonder die Teken, is jy nie eens in die verbond nie. Die hele ding werk saam. As jy sê jy is besny volgens die Woord, en Dit alleen, dan sal jy die Woord glo; as jy die Woord glo, dan moet die Teken kom, want hy het gesê: "Bekeer julle, en word elkeen van julle gedoop in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang ." Daar het julle dit. O, goeiste!

94 Let dan op die voorbereiding vir Sy beloofde land mense. Let op wat Hy gedoen het. Eers het Hy 'n volk gehad vir wie Hy 'n land gemaak het. Hy het 'n land vir hulle voorberei. En nou het Hy 'n voorbereiding vir dit daarheen gestuur, vir die beloofde land mense. Dit was net vir diegene wat voorbestem was tot daardie beloofde land, Bruid dag. En hoe Hy dit gedoen het, Hy het 'n profeet gestuur met 'n boodskap, dit geïdentifiseer deur 'n Vuurkolom en 'n teken gegee dat hulle seker kon wees dat dit reg was. Dis reg. Dit was haar vertroosting.

Israel, wat toe uit Egipte gekom het, was 'n—'n tipe. Hierdie is die antetipe van die Kerk wat uit die

denominasies kom. Nou, nie almal denomineer nie. Ek bedoel die Bruid. Sien? Sommige mense, daar is party van die onafhanklikes net so erg soos die denominasioneles, partymaal erger as.

Ek praat van die toegepaste Teken. Die Teken stem saam met elke Woord. Sien? Dit moet, want Dit is die Woord. Dis die Lewe wat in die Woord was. "My Woorde is Geestelik; Hulle is Lewe," het Jesus gesê. Sien?

95 Toe Moses Sy bediening in Israel begin het, met groot tekens wat julle sien, het Israel vinnig van regoor Egipte vergader na Gosen, teruggekom na die tuisplek, want hulle het geweet iets gaan gebeur. O, wat 'n tipe!

O, hulle kom van die Ooste en Weste,
Hulle kom uit die lande van ver, (dis reg, julle het die lied gehoor)
Om saam met die Koning fees te vier, as Sy gas te eet,
Hoe geseënd is hierdie pelgrims nie!
Aanskou Sy heilige gesig
Gloei met liefde Goddelik;
Geseënde deelgenote van Sy genade,
As juwele in Sy kroon om te skyn.
O, Jesus kom binnekort,
Ons beproewinge sal dan verby wees.
O, wat as ons Here hierdie oomblik sou kom
Vir hulle wat vry is van sonde?
O, sou dit dan vir julle vreugde bring,
Of droefheid en groot wanhoop?
Wanneer ons Here in heerlikheid kom,
Sal ons Hom in die lug ontmoet.

Die Teken vertoon! "En Ek sal hom opwek in die laaste dae." Sekerlik! Ons is in die dae.

96 Die mense het vergader in Gosen. Hulle was gereed. Hulle het geweet iets maak gereed om te gebeur. Hulle was net soos …

Jy neem eende, wanneer dit tyd is vir swerm, kom hulle almal reg bymekaar. Wanneer bye, alles anders, gereed maak, is daar een of ander instink wat hulle trek.

Die Heilige Gees trek die mense!

97 O, wanneer dit tyd word vir die groot toorn van God om te val, elke … Daar kom twee eende, manlik en vroulik. Hier kom twee ganse, manlik en vroulik; hier kom twee perde, manlik en vroulik; iets anders trek hulle, die voorbestemdes. Die res van hulle het omgekom. O! Die res van hulle het omgekom! Maar diegene wat daardie trek gevoel het om in te kom, hulle het geweet daardie ark was voorberei. Dit was 'n teken dat daar 'n reën kom. Hulle het geweet dat daar 'n reën sou kom, maak nie saak hoe dit gelyk het en wat ander mense gedink het nie. Hulle het geweet.

Daar was iets binne-in hulle wat gesê het: "Gaan in daar, sommer gou! Gaan in daar, want dis die enigste plek wat veilig gaan wees." Want God het 'n profeet voorberei, Hy het die ark gestuur as 'n teken, gesê: "Gaan in daar," en die reën het gekom. En hulle het reg daar ingegaan, twee-twee. Al die diere het ingegaan, twee-twee, in die ark in, want hulle het daaronder gekom. Maak nie saak wat die res …

98 En almal buitekant daardie ark het vergaan. Almal buite die teken van die bloed het vergaan, almal. En almal buite die Teken van die Heilige Gees sal vergaan.

Maak nie saak hoe goed, hoeveel kerklidmate nie! Daar was 'n klomp van hulle in die dae van Noag. Daar was baie van hulle in die dae van Moses; maar 'n man wat gefaal het om die bloed aan te wend as die teken, was, hy het omgekom. Diegene wat gefaal het om in die ark te gaan, het omgekom. Hulle wat faal om in Christus in te kom, want Hy is die Ark!

Een Korinthiërs 12, het gesê: "Deur een Gees word ons almal gedoop tot een Liggaam." Die mitiese, nie kerk nie; maar die mitiese, nie die denominasies nie; die mistieke Liggaam van Jesus Christus! "Deur een Gees," hoofletter G-e-e-s, Gees: "is ons almal onderdompel in hierdie een Liggaam." Dan is die Teken op die deur, want jy is in Christus. En Hy was die Een, jou Offerhande, Wie die oordeel deurstaan het. En wanneer God daarna kyk, kan Hy niks doen nie. Jy is net so veilig as wat jy kan wees, want God en Christus is dieselfde Persoon, die Gees het vlees geword en onder ons gewoon. En daar is God met Sy Eie, en julle, Sy Eie kinders, in die Liggaam in. Daar is dit, nie 'n chemikalie nie, maar die Gees! "Ek sal by julle verbygaan."

99 Hulle het uit die hele Egipte gekom om in hierdie een plek bymekaar te kom, sodat hulle onder hierdie teken kon wees.

En hulle het gekom van Metodiste, Baptiste, Presbiteriane, Lutherane, Pinksters, alles anders, om onder die Teken te kom. Net presies soos dit toe was!

Dit was 'n Vuurkolom wat daar verteenwoordig was. En een het die ander vertel, 'n ander een het 'n ander vertel, 'n ander een het 'n ander vertel en eerste ding wat jy weet, hier begin hulle almal kom. Hulle het begin kom en hulle het die teken van God dopgehou. Hulle het gesê: "Oordeel is op hande."

Toe het die profeet gesê: "Ek het van God gehoor. Daar sal 'n teken wees. En jy sit die bloed op die deur. Slag die lam, sit die bloed op die deur en dit sal 'n teken wees, want die dood is gereed om te tref."

100 Laat ek julle vandag vertel, as Sy dienaar, tensy die Teken op die deur is, is daar 'n geestelike dood wat gaan tref. En alle kerke is terug op pad na die—na die raad, van Wêreldraad van Kerke. Hulle gaan almal terug na Katolisisme. En net diegene wat eg is, wedergebore, gaan uitbly!

Onthou, nie julle Pinkster denominasies nie, want hulle is alreeds daarin. Wys hulle is dood! Hulle het omgekom. Hulle het opgeoffer. Hulle het teruggegaan. Hulle het Hom buite die deur gesit, maar Hy soek na die Teken. Want die enigste ding waarop hulle staatgemaak het was om in tale te praat.

Moenie staatmaak op geen praat in tale nie, niks anders nie. Maar laat die Teken Self daar wees, die Persoon van Jesus Christus, Sy Eie Lewe in jou. Besny nie net *dit, dat* nie; maar besny julle hele wese, totdat julle en Christus Een is. Christus is in jou en Sy Lewe leef uit deur jou.

101 Nou, nou, uit die hele Egipte! En kyk nou, soos ons sien wat hulle gedoen het, soos ons die tyd sien verskyn, word ons beveel om dieselfde ding te doen. Het julle dit geweet? Kyk wat die profeet gesê het.

En ons gaan nou lees, as julle wil lees, in Hebreërs die 10de hoofstuk. En as julle saam met my wil lees, wil ek nou 'n vers of twee hier lees voor ons voortgaan. Hebreërs die 10de hoofstuk, en laat ons begin met die 26ste vers van die 10de hoofstuk van Hebreërs. Nee, ek's … Laat ons sien. Ja. Ja, meneer! Die Hebreërs, die 10de hoofstuk, en die 26ste vers, sien.

> *Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, ...*

Laat ons sien, het ek dit reg? Ja. Dis reg. Ja.

> *... Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie,*
>
> *maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer.*
>
> Hier kyk! *As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuienis van twee of drie;*
>
> *... hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?*

102 Prediker, lidmaat, goeie man, morele man, wat jy ook al is, en jy weet dat God sigarette van jou weggeneem het. Vroue, julle weet Hy het kortbroeke weggevat, en—en kort hare, en alles, van julle af. Julle weet Hy het dit gedoen. Maar dan as jy omdraai en dit doen ten spyte van, en daardie Bloed van die verbond tel, soos Dit was: "'n onheilige ding," Wie jou geheilig het en jou tot hier gebring het!

Soos die spioene, as hulle net hier na die grensland gekom en oorgekyk en gesê het: "Wel, ek weet dis daar, maar die hindernis is te groot. Ons lyk soos sprinkane," hulle het in die wildernis omgekom. Grenslyn gelowiges!

103 Moenie net *so* ver kom nie, sê: "Ek glo die Boodskap." Jy gehoorsaam die boodskapper. Kom in Christus in! Jy sê: "Wel, ek glo elke Woord wat gesê is, Broer Branham." Dis goed, maar dis net—dis net instaat wees om te lees.

Neem die Boodskap, neem Dit in jou hart in, dat jy die Teken moet hê, die einste Lewe wat in Christus was, in jou wees. "Wanneer Ek Dit sien, sal Ek by julle verbygaan."

104 Soos ons die groot eindtyd tekens op aarde vandag sien, weet ons dat dit reg is. Nou kyk, ek het hiervoor gewag, vir 'n lang, lang tyd, vir hierdie Boodskap aan julle. Sien? En julle het die endtyd tekens gesien. En ek het Dit vir julle gepreek en Dit vir julle gewys deur alles wat Christus gesê het. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Sal julle dit erken? ["Amen."] Ons is by die endtyd. Ek sien niks wat oorgebly het nie.

Jy sê: "Wat van die merk van die dier?" Diegene wat die Heilige Gees verwerp, is alreeds deur die dier gemerk. Die straf sal later kom. Sien?

105 In Israel, toe die basuin weerklink het in die Jubeljaar, het elke man … Het julle na Christus opgelet toe Hy dit gelees het? Hy het net die helfte daarvan gelees, want net die helfte daarvan was op daardie tydstip van toepassing. Sien? "Hy het My gestuur om die gebrokenes van hart te verbind, verlossing te preek, ensovoorts, sien," maar, Hy: "en die jaar van die welbehae van die Here." Die res daarvan, Hy het nooit—Hy het dit nooit gelees nie; Hy het die Boekrol neergelê, want dis vir hierdie dag. Sien? Hy het net deel daarvan gelees, deel was Sy dag.

Nou dit is wat Hy vandag gaan doen. Dit is wat Hy praat, deur Sy gesalfde Gees, met die kerk vandag. Nou is die uur. Nou is die tyd. Ontvang Dit, mense. Ontvang Dit!

106 Wat! Ons sien die groot eindtyd, die flitsende rooi ligte, oral. Op die natuur, ons sien die natuur flits die lig: "Die tyd is op hande." Ons sien dit op die kerk, flits die lig. Sy is veroordeel. "Die tyd is op hande." Sy is in die wêreld. Ons sien dit op—op die lug, op die see, op die nasies, op oral; in die son, maan, sterre. Tekens!

Ons sien die endtyd tekens van die Heilige Gees teruggekeer op die mense. Soos dit was in die dae van Lot, hoe die Heilige Gees daar deur daardie menslike vlees gewerk het, dit was God gemanifesteer in vlees. Hoe God Homself nie sou inbeman, Homself in Sy Bruid in daardie dag, en dieselfde teken toon nie, Jesus het gesê dit sal dieselfde ding wees in die laaste dae. Ons sien dit. Ons sien dieselfde Vuurkolom. Selfs wetenskap het die foto's Daarvan geneem, ensovoorts. Ons sien die endtyd tekens is op hande. Ons weet dis hier.

107 En dan, siende dit, as julle my glo! As julle my nie glo nie; glo die tekens, glo die Woord, want hulle praat van wat ek julle sê. As ek julle nie die Waarheid vertel nie, sou hulle nooit terugpraat nie. God sal nooit met 'n leuen praat nie. God praat met Waarheid. En hierdie Woorde getuig dat ek julle die Waarheid vertel. Hulle is die een wat getuig van die Boodskap wat ek preek. Nie net die Engel daaronder op die rivier daardie dag nie, wat gesê het: "jou Boodskap sal die tweede Koms van Christus voorafgaan," die werke self! As jy nie kan glo daardie Engel het die Waarheid vertel nie; glo die werke, want die Bybel het gesê hierdie dinge sal gebeur in die endtyd. Hulle is Hulle wat getuig. Hulle is diegene wat harder praat as my woorde of enigiemand anders. Dis Sy Woord. Hulle getuig van die tyd.

108 En ons sien hierdie groot, verskriklike eindtekens op die mense en tekens van die tyd op die aarde, nood tussen die nasies.

Ons sien Israel in haar tuisland. Die vaandel, die sespuntster, Ster van Dawid, wapper, die oudste vaandel in die wêreld, die oudste vlag in die wêreld. Sy is 'n nasie. Sy is 'n regering. Sy is haar eie mense. Sy is in die bond van nasies. Sy, sy is, sy is al hierdie dinge. Sy is in die V.N. En sy het haar eie geldeenheid, alles. Jesus het gesê: "Hierdie geslag sal nie ophou voordat alles vervul is nie." En, onthou, die einste aand wat Israel 'n nasie gemaak is, dit was die aand toe die Engel van die Here aan my verskyn het net daar. Dis reg. Daar is ons almal.

109 Alles is opgeteken presies die Waarheid. Ek het nie vir julle gelieg nie. Ek het julle die Waarheid vertel en God het getuig dat ek julle die Waarheid vertel het. Nou, onthou, ek is julle broer. Ek is 'n man, sien. Ek is net 'n man net soos julle almal, maar iemand moet Dit bring, iemand moet Dit sê. Dit was nie my keuse nie; dit was Sy keuse. En ek het julle die Waarheid vertel en Hy het reg terug getuig dat Dit die Waarheid is. [Gemeente sê: "Amen." — Red.]

Wanneer ons hierdie dinge vandag op die aarde sien, o, mense, dit is die laaste uur. Kry daardie Teken oor jou so vinnig as wat jy kan; of kom in die Teken, kom in die Teken. Soos ons die groot eindteken sien en die tyd op hande, waarsku ons: "Tyd is op hande."

110 O, neem dit plegtig! Ons behoort mekaar lief te hê. O, goeiste! Ons behoort so verlief te wees! Moet nooit kwaad teen mekaar praat nie. As iemand 'n fout maak, bid sommer gou vir hom. Ons is saam hierin, met God. Ons is broers en susters. O, lewe goddelik. Lewe, lewe soos dogters van God, lewe soos seuns van God. Lewe aangenaam, vriendelik, nederig.

Laat geen onheil in jou gemoed kom, in jou denke nie. Net, verwerp dit net. As dit aan die deur klop, neem dit weg. Sê net, wys net jou Teken, hou net aan loop: "Ek is onder die Bloed!"

111 Onthou, daar was 'n klomp van hulle wat by daardie vroue gekom het daardie aand, gesê: "Haai, Gertie, Lillie, party van julle, kom uit, ons gaan vanaand na 'n partytjie."

"Huh-uh! Ek is onder die bloed. Ek is onder die teken om hier te bly. My liefde is vir my Maker. Dood is in die land vanaand."

En dood is in die land vandag. Oordeel wag, sy wag. Atoomkrag en waterstowwe en allerhande soorte rampe wag vir die nasies.

En God beweeg Sy Kerk en het alles gewys. Ons het die Lam nou opgehou vir 'n hele ruk, kyk, sien

wat Hy doen, hou Sy natuur en alles dop, maar nou moet die Teken aangewend word. Dit moet toegepas word. Dis die enigste ding. "Tensy 'n mens gebore word uit die Gees en uit water, sal hy op geen wyse ingaan nie." En behoort mekaar lief te hê. Gelowiges behoort hulleself van die wêreld af te sonder. Moenie dit nou ligtelik opneem nie.

112 Nou, julle mense wat Hierna luister, op band, julle vroue, julle mans, julle luister 'n oomblik. As julle my ooit geglo het, glo Dit nou.

Dis tyd vir ophou stry met mekaar. Glo die Boodskap van die Bybel! Glo Jesus Christus! En wees lief vir en eer en respekteer mekaar. Mans, respekteer julle vroue. Respekteer julle huise. Bring jou huis bymekaar, want, onthou, hierdie Lam was vir die huis, nie net een nie; want die hele huis, ook, moes gebring word. Alles moes ingebring word. Ons behoort mekaar lief te hê. En gelowiges behoort hulleself van die wêreld af te sonder.

113 Let op, hulle het nog nie bymekaar gekom om oor die boodskap te praat nie. Hulle kom bymekaar om die bloed aan te wend, om die teken aan te wend.

Dis wat julle moet doen. Pastoor Neville, en aan hierdie gemeente, trustees, diakens, aan julle broers, dis tyd dat ons al die dwaasheid van die wêreld opsy sit, tyd dat ons alles anders aflê. Ons het nou genoeg gesien, totdat ons positief is, sekerlik. En die Teken moet aangewend word. Daarsonder gaan jy vergaan; jy moet vergaan, dis die enigste ding.

O, moenie bymekaarkom, sê: "Ek glo Dit." Gaan onder Dit, kom Daarin! ['n Openbare kortgolf transmissie steuring word gehoor — Red.] Hoe doen jy dit? "Deur een Gees word ons gedoop in die Liggaam van Jesus Christus." Almal glo, met jou hele hart. Sien? Hy was nie verantwoordelik vir enige onder Dit uit nie.

114 Wie het daar gepraat? [Iemand sê: "Dis 'n kortgolfradio, Broer Branham." — Red.] Kortgolf van bo? ["Kom deur die luidspreker."] Deur die luidspreker. Het hulle dit daarin gekry? Ek het iemand gehoor. ["Broer Branham, ek glo dit was 'n kortgolf wat hier ingekom het."] Kortgolf, ja. O, hulle—hulle het dit gekonnekteer. Ek skat hulle neem … O, na die motors? Verskoon my. Ek weet iemand het iets gesê. En ek het gedink iemand wou iets vir my sê, en hulle het dit nie begryp nie, julle sien, en dis die rede waarom ek—ek gesê het wat ek gedoen het. Ek het julle sien rondkyk. Ek het 'n stem gehoor. Ek het gedink iemand het opgestaan om iets te sê en ek het nie geweet wat dit was nie. Nou, nou, dankie.

Maar, glo, kom Daaronder!

115 Israel het nie bymekaar gekom, gesê: "Laat ons almal na Gosen toe gaan vandag. Ons sal opry na Gosen. Jy klim op jou kameel en ons sal die ossewa neem. En ons sal die Jones'e neem, hiernatoe, ensovoorts, en—en die Goldbergs, en ons sal almal opgaan na—na Gosen. En weet julle wat? Moses gaan vandag praat." Dit was nie dit nie. Nee, meneer, broer! Dis, kom onder daardie bloed! Ja, inderdaad.

Nie om Daaroor te praat nie; kom Daarin!

Een van hulle sê: "Jy weet, Mnr. Goldberg, ek weet eintlik dis Waarheid."

"Ja, broer, ek glo dit is die Waarheid. Ek weet dat dit die Waarheid is."

"Mnr. Lavinski, wat dink jy daarvan?"

"Dis absoluut die Waarheid! Ek het die krag van Jehova God sien spreek. Ek het daardie paddas uit daardie land sien uitkom. Ek weet dat dit nie gebeur het totdat hy dit gesê het nie, en ek weet dat dit Jehova God is." Nou, dis alles goed.

"Is jy besny?"

"Ja, meneer!"

"Is jy 'n gelowige?"

"Ja, meneer!"

116 En toe, toe hy Pastoor Moses hoor praat het daardie dag, het hy gesê: "Maar jy moet onder daardie bloed kom, want God het gesê: 'Die bloed is 'n teken.' Dis 'n teken! Maak nie saak hoeveel jy geglo het, hoeveel jy besny is nie; dis 'n verbond wat God aan Abraham gegee het, ensovoorts, dis die verbond. Maar jy moet onder die bloed kom, dis 'n teken, want Hy het gesê: 'Wanneer ek die bloed sien, sal ek verbygaan.' Israeliet, of enige!"

Dis denominasie of nie denominasie nie, enige een, jy moet onder die Bloed kom. Metodis, Baptis, Presbiteriaan, Pinkster, nondenominasie, wat jy ook al is, dis vir 'n individu. Jy moet onder die Bloed kom. Nou moet net nie Daaroor praat nie; ontvang Dit! Hoor my! Hoor my! In die Naam van die Here, hoor my!

Sien? Moet onder die Bloed kom!

Hy was nie verantwoordelik vir enige persone wat onder die bloed uit is nie. God het dit duidelik gemaak dat alles wat onder daardie bloed uit is, sou vergaan.

117 Mag ek Sy Woorde gebruik? Almal buite Christus sal vergaan. Hoe kom jy in Christus? Een Korinthiërs 12: "Deur een Gees!"

Nie: "deur een handdruk, deur een lidmaatskap, deur een denominasie." Dis wat hulle dit probeer maak. Hulle mag dit doen.

"Maar deur een Gees word ons almal gedoop tot een Liggaam." "As 'n engel uit die Hemel enigiets anders aan julle leer," het Paulus gesê: "laat hom vervloek wees." Dis die Boodskap, kom in Christus in!

Kyk, enige persone buite die teken, God was nie verantwoordelik nie. En God is nie verantwoordelik vir enige persoon, groot of klein, gewild of ongewild, ryk of arm, gebonde of vry, manlik of vroulik nie; Hy is nie verantwoordelik vir enigiemand wat uit is onder die Teken verbond nie. Hy is nie verantwoordelik nie.

118 Jy sê: "Maar, O Here, ek het *dit* gedoen. Ek het duiwels uitgedryf. Here, ek het *dit* gedoen. Ek—ek het die Evangelie verkondig."

"Gaan weg van My, julle werkers van ongeregtigheid. Ek het julle nooit eens geken nie." Hy herken net die Teken.

Hoor julle Dit? Sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen!" — Red.] Nou, so dis op jou. Hy …

Gesit hier in die woude nou die dag en die kêrels het gewonder, gesê: "Hier is twee dae, jy het nie …" Ek het nie eens 'n eekhoring geskiet nie. Gesê: "Wat is fout?" Sien, dis wat dit was. Sien?

Het gesê: "Plaas dit op hulle, op hulle." Het gesê: "Jy het met My gepraat—gepraat daaroor." Sien? Nou is dit in jou skoot. Dis in joune.

119 Hy sal niks erken behalwe daardie Verbond van die Heilige Gees nie. En jy kan nie daardie Verbond ontvang tensy jy gered is, geheilig, en dan gedoop is in die Liggaam nie. Hy sal nie.

Jy mag 'n nabootsing hê, jy mag goed voel en *op-en-af* spring, in tale praat, en dans in die Gees. Dit het nie een ding Daarmee te doen nie. Hoor Dit, in die Naam van die Here! God herken dit nie. Heidene doen dit. Hekse doen dit.

Jy sê: "Ek is 'n geleerde. Ek doen *dit, dat*, of die *ander*." Hy gee nie om hoe geleerd jy is nie. Die duiwel is ook, sien.

Hy herken net die—die Teken. Dis die Boodskap van die uur! Dis die Boodskap van hierdie dag! Dis die Boodskap van hierdie tyd! In die Naam van Jesus Christus, ontvang Dit!

120 Nie 'n plaas- … plaasvervanger, iets wat die duiwel op jou kan plaas nie; soos 'n valse liefde, om 'n man 'n ander vrou behalwe sy vrou te laat liefhê, of 'n vrou 'n ander behalwe, of 'n deel van hierdie iets, oneervolle ding. Dis nie ware liefde nie. Dis die duiwel. Dis sy werke. Dis iets wat hy jou probeer oorhandig het in die plek daarvan; 'n vreugde, om te drink en goed te voel daaroor, sê: "Ek het die blues; ek sal uitgaan en vir my 'n liter drank kry en daarvan vergeet." Dis 'n dood.

God is jou vreugde. God is jou krag. Om die Boodskap te ken, die Waarheid te ken, dis nou ons genoegsaamheid. Hy is my algenoegsaamheid. In Hom, alle dinge wat ek nodig het is in Hom. Dis ons krag. "My hulp kom van die Here." Julle Christene, kyk na Hom vir julle vreugde, kyk na Hom vir julle krag, kyk na Hom vir julle geluk. Hy is my vrede. Hy is my vreugde. Hy is my liefde. Hy is my Lewe. Dis 'n Verbond, die Teken op die deur!

121 Nie verantwoordelik vir een persoon nie, een persoon, maak nie saak wie jy is nie, Hy is nie verantwoordelik nie, onder dit uit nie.

En onthou, die hele familie was bymekaar gebring. O, goeiste! O, onthou!

Jy sê: "Wel, my pappa is 'n prediker. My broer! My pastoor! My …" Dit mag ook waar wees, maar wat van jou?

Onthou, net veilig wanneer die teken vertoon is! As 'n man *hier* onder was en sy seun was oorkant die straat, was hy in gevaar. Hy sou vergaan. Sy pa sou gered word. Of, as die seun *hier* was en sy pappa daar oorkant, sou sy pa vergaan. Net die teken! "Wanneer Ek die teken sien, sal Ek by julle verbygaan." Dis die enigste ding.

Julle sê: "Wel, my seun is 'n prediker." Julle moeders sê: "Ek het die beste seun, of die beste meisie.

Ek sê julle, hulle is die dierbaarste goed. Hulle is gevul met die Heilige Gees, en sulke liefde! Hulle is gehoorsaam. Ek het nog nooit so iets gesien nie!" Wat van jou, mamma?

Jy sê: "My moeder is die dierbaarste ding. Ek weet, as sy sterf, gaan sy Hemel toe, want sy het regtig die Teken, Broer Branham." Maar wat van jou, sus? Die hele familie moet daaronder gebring word.

122 Is julle moeg? [Gemeente sê: "Nee." — Red.] Ek sal … Dis twaalfuur … Net 'n minuut. Ek kan dit afsny en weer vanaand begin. ["Nee."] Maar as julle—julle net 'n bietjie langer wil wag, sal ek nou probeer opskud. ["Amen."] Ek sal dit reg inplaas. Want, dink ek, reg nou terwyl julle onder die salwing daarvan is, sal dit beter wees as julle dit nou kry. ["Amen."]

Slegs wanneer die Teken vertoon word! Dan, die hele familie moet onder daardie Teken, Bloed wees. Pappa en mamma, ek weet hoe julle voel. Ek het ook kinders, ek moet hulle gered sien. Ek praat met myself vandag. Sien? Ek het broers. Ek het 'n suster. Ek het geliefdes. Ek—ek wil hulle ook gered sien. Maar, onthou, sonder die vertoon van die Teken sal hulle vergaan. Daar is geen opstanding vir hulle nie. Dis reg. Hulle is weg. Slegs wanneer die Teken vertoon word!

123 Kyk, Josua, wens ons het tyd gehad om dit te lees. Skryf dit neer, Josua die 2de hoofstuk; gelowige Heidense hoer, Ragab.

O, ek wens net dit was omtrent nege-uur. Ek wil—ek wil dit graag neem en julle net wys hoe dit daar was, sien. [Gemeente sê: "Neem die tyd." — Red.]

Hierdie hoer, Heiden, kyk, haar hele familie. Sy was 'n gelowige. Al haar familie moes onder daardie rooi streep kom, daardie teken. Hulle moes daaronder gaan, want hulle sou omkom. Hulle het gehoor van die toorn van God. Hulle het gehoor van die vertoon van tekens en wonderwerke van God onder Sy mense, en hulle moes dit ontvang. Sy moes dit ontvang. God, vernietigende engel, sou kom. Hulle het dit geweet. En Josua was daardie engel. Hulle was in lyn.

En so is elke nasie in die wêreld in lyn met God se Oordeel!

Hierdie klein ou hoer, sy het gehoor. Geloof kom deur die gehoor! Sy het gesê: "Die hele land is ontsteld oor julle." Dis reg.

124 Nou, die spioene wat daar ingestuur was om reëlings te tref, ensovoorts, sy het daardie manne geëer. En, sy, sy wou gered word. Sy het gesê: "Ek weet dat julle God God is, en ek het gehoor watter groot dinge Hy gedoen het. Ek weet wat Hy aan Og gedoen het en ek weet wat Hy aan die verskillende nasies gedoen het. En ek sien dat diegene wat Hom aanvaar, gered is en diegene wat Hom nie aanvaar nie, word vernietig. En ek wil lewe," het sy gesê. O, goeiste! Daar het julle dit. "Ek wil lewe." Want hulle het net …

125 Let op, Jerigo het gehoor wat God gedoen het, maar hulle wou nie die waarskuwing neem nie.

En daar is nie 'n denominasie in hierdie land, rondom, wat nie gehoor het wat God doen nie. Hulle wil nie die waarskuwing neem nie.

Sy groot krag en tekens is vertoon. Wat Hy gedoen het, Hy het regdeur die Dooie See oorgesteek, asof dit op droë grond was. Hy het veroorsaak, Hy het dinge geskep, en paddas, en luise, en vlooie in die lug laat kom; het hulle geskep deur Sy Woord, deur Sy profeet. Dit was geen geheim nie. Hulle het dit geweet.

En Ragab het gesê: "Ek het dit gehoor. Ek wil nie saam met hierdie ongelowiges vergaan nie. Nee, meneer!" Het geweet oordeel moes dit volg, want hulle was reg in lyn. Sy het dit geweet. So, hulle het 'n weg gemaak vir haar om dit te ontsnap.

126 Hulle moes geglo het dat hulle eie groot denominasie van Jerigo in staat was om die toorn van God te weerstaan, sien, hulle eie groot denominasie.

Dis wat baie van hulle vandag dink. "O, sekerlik sal God dit nie doen nie." Dis wat Satan vir Eva gesê het. "O, sekerlik sal God nie." Hy sal, want Hy het gesê Hy sou, sien, en dis Sy Woord. Ja, meneer.

"Tensy 'n mens weergebore word!" "En hierdie tekens sal hulle volg wat weergebore is!" Sien? "Hieraan sal almal weet julle is My dissipels," ensovoorts, sien. Goed, wou dit doen. O!

127 Wat het gebeur? Nou was hulle toegesluit. "Geen herlewing gaan hier gebeur nie. Ons denominasie sal nie so iets borg nie. Ons sal nie daardie soort onsin onder ons hê nie. Ek verbied julle om na daardie diens te gaan." Huh! Jerigo, reg in die lyn van die verdoemdes!

Maar daar moes 'n paar bandseuns iewers ingeglip het vir die voorbestemde saad. Hulle het oorgeglip na haar huis en 'n paar bande gespeel. Sy het haar—haar eie huis 'n kerk gemaak om die boodskap te ontvang.

Hulle het hulle steeds, julle weet. Die Boodskap het in elk geval by die voorbestemde Saad uitgekom. Ons weet nie hoe Dit daar gekom het nie, maar Dit het daar gekom, sodat die Regverdige nie sal vergaan saam met die onregverdiges nie. God sorg daarvoor vandag. Ja, op 'n manier glip Dit in. Ons weet nie hoe nie. Hoewel hulle Dit nie sal borg nie, maar daar is een of ander Saad daarbuite wat voorbestem is.

128 Enigeen wat enigiets van die Bybel weet, weet dat daardie hoer voorbestem was. Sy was beslis! Sy het nie … Die Bybel het gesê: "Sy het nie omgekom saam met hulle wat nie geglo het nie." Dis reg. Maar sy het die boodskap van die uur geglo.

En God het haar 'n teken gegee deur Sy boodskappers. Gesê: "Neem 'n skarlakenrooi tou en bind dit aan jou …" Het gesê: "Onthou, as jy nie daardie tou daar vasbind, of dit daar laat, waaraan ons ontsnap het nie, is ons nie verantwoordelik vir ons eed nie." En het gesê: "As jy onder dit uit is, is ons nie verantwoordelik nie." O, goeiste! "Ragab, elke voorbestemde saad hierbinne, gaan jy daarbuite en gaan jag hulle. Kry jou pappa, jou moeder! Want ons het pas uitgekom onder daardie versoening onder in Egipte, en alles wat ons nie gehad het onder daardie teken nie, het vergaan. Ragab, ek gee jou 'n teken. Dis 'n teken. En ek sê, in die Naam van die Here, as om te sê, as jy dit daar sal sit! Ek is bekend daarmee, met die boodskapper. Ek is bekend met die engel van toorn, Josua. Hy's God se vernietigende boodskapper. Ek is bekend met hom en hy weet dat daar 'n teken moet wees. En jy hang dit daar en ek sal jou verseker. Ek neem 'n eed." En God het ook 'n eed geneem dat wat onder dit uit was, sou vergaan, en almal wat daaronder was, sou lewe.

129 En nou dieselfde eed is vandag dieselfde ding, sien: "Ek sal julle nie laat vergaan saam met hulle wat nie die Boodskap glo nie." En hulle …

Sy het gehoor die werke is gedoen en sy het dit geglo. Maar, omtrent, sy was … Sy en haar vader en 'n paar broers, of iets, was die enigste een wat dit geglo het, in die hele stad.

130 Sien julle hoe min is dit? Net een *hier* en *daar*, 'n klein familie sal uit 'n staat kom. Dit reg? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Presies nou, hier praat ons van feite. Ons is … As jy gaan sien wat die antetipe is, moet jy eers sien wat die tipe was. Jy moet sien wat die skaduwee is, dan weet jy hoe die regte ding gaan lyk. Sien?

Sy krag was vertoon. Oordeel is in lyn. Hulle moet glo om gered te word. Ja, meneer. En hierdie klein …

131 Hierdie kêrels het daar ingegaan, hierdie boodskappers, en—en het daardie voorbestemde saad gevang wat geglo het. Sy het haar huis gebruik vir 'n kerk om hierdie boodskappers te ontvang. Hulle wou hulle nie in daardie kerke toelaat nie. Nee, meneer. Sien? So sy …

Hulle sal jou ook nie toelaat nie. Hulle skop jou uit as jy enigiets Daaroor sê. Ja. Sien?

Hulle het almal in haar stad gekry wat sou glo, onder die teken.

Dis presies wat ons beter vandag doen. As jy een of ander geliefde gered wil hê, moet jy hulle liewer nou inkry. Sien?

132 Toe God se toorn daardie groot stad vernietig het, het die teken haar huis veilig gehou. Amen. Wat? Die teken was op haar teken … Of, die teken was op haar huis, toe die res van die stad op die grond neergeskud het. Wat was dit? Wat was dit? Josua, die boodskapper van God! God Self het Sy boodskapper se boodskap herken. Amen! Dit het dit bewys. Dit het dit bewys. Hulle het die boodskap herken. Hy het Sy boodskapper se boodskap herken. En toe die hele res van die stad geskud het, het Ragab se skarlakenrooi teken daar oor die deur gestaan, en die res van hulle was weg.

Toe, reguit op het die vernietigende engele gegaan en alles vernietig wat in die stad was, nie eens 'n stuk goedere was oor nie. Een het 'n stuk goed uitgehaal en moes daarmee vergaan, uit daardie denominasie. Het die hele ding geneem en dit vernietig! "Vervloek is die man wat dit ooit probeer bou. Sy eersgeborene sal sterf wanneer hy begin," ensovoorts. God het dit so vervloek, daardie groot ding wat die gen- … die boodskap van genade en barmhartigheid verwerp het, gedink het hulle was sekuur beveilig.

133 Baie mense dink vandag: "Omdat ek aan die kerk behoort, is ek sekuur beveilig." Moenie julle sulke onsin glo nie.

Wanneer: "Die bloed sal vir julle 'n teken wees." Die Gees is nou die Teken vir julle, die Lewe wat in die Bloed was.

134 Dieselfde, laat ons dink dat, dieselfde teken wat hulle in Egipte gebruik het, dieselfde lewensteken wat in Egipte was, was in Egipte, God het dieselfde simbool daarbo gebruik. Josua, 'n volmaakte tipe van Jesus, was getrou aan die teken wat sy boodskappers gepreek het. Josua, toe hy dit gesê het, het hy gesê: "Moenie daardie huis of enigiets daarin aanraak nie. Dis gereserveer vir die Here." Amen!

'n Heiden, 'n hoer, straatloper, maar sy het gehoor en geglo en sy het die teken gebruik.

Maak nie saak hoe gebuk jy onder sonde is, wat jy gedoen het nie, dit het nie een ding daarmee te doen nie. Jy pas die Teken toe. Dis vir jou. As jy in jou hart voel daar is iets wat trek, Dis vir jou. Jy pas die Teken toe. En die groot Jos- …

135 Die woord *Josua* beteken "Jehova-redder." So doen *Jesus*, beteken 'n "Verlosser." En, Josua, toe hy geweet het sy boodskappers …

Sy boodskappers het teruggekeer en gesê: "Ek het jou bevele gehoorsaam. En daar was 'n vrou wat ons gevind het toe ons die bande gespeel het, jy weet. Ons het 'n vrou gevind wat geglo het. En ons het vir haar gesê dat almal wat onder daardie rooi teken daar sou kom, die teken, wat dit sou beteken. Nou ek het dit gepreek. Sal jy dit eer, Josua?"

"Ek het jou gestuur om dit te doen." Amen.

En toe God dit geëer het, het die huis nooit inmekaar gestort nie. En toe Josua daar gestaan en die teken gegee het om die hele ding te vernietig, reguit opgegaan en Ragab en al haar mense het reg gesit, en al hulle besittings, amen, amen, al hulle besittings was in die huis, veilig. Hulle het net daar gestaan en hoef nie by die venster uit te gekyk het nie. Hulle kon die Skrif lees terwyl die stryd aan die gang was.

Sy het reguit teruggekom en die generaal in die leër het haar die hof gemaak, en was opgewek en het opgekom in Betlehem, en haar deel was toegewys daar aan hulle. En sy het 'n … sy het 'n beroemde seun voortgebring, en daardie beroemde seun het 'n ander beroemde seun voortgebring, en daardie seun het 'n ander beroemde seun voortgebring, totdat die groot, beroemde Seun gekom het. Reg terug af, en aan deur Obed, en aan deur Isai, en af in Dawid. Dis reg, hoer Ragab, want sy het die boodskapper geglo. Sy het die teken gebruik en haar huis is gered, anders sou sy omgekom het daar waar sy was.

136 Luister nou mooi. O, sê, herken julle dit? Almal daaronder is in Egipte gered. Almal daaronder is gered in Jerigo. Almal Daaronder sal vandag gered word. Die bloedgebonde, bloedlam, is 'n tipe van Jesus Christus.

In Hebreërs 13:10 en 20. Ek het nie tyd om dit te lees nie. Skryf dit neer. Ek sou dit lees. Dit word genoem "die ewigdurende verbond." Die Bloed van Jesus Christus word "die ewigdurende verbond" genoem. Ja, meneer! "Ewigdurende verbond."

"Waarom was dit nie "Ewige verbond" genoem nie?" Omdat dit nie Ewig sou wees nie. Wanneer ons verlos is, is dit alles dan verby. Dis 'n *ewigdurende*, wat beteken: "tydsbestek," totdat tyd uit is. Daar sal nooit nog een wees nie. Wanneer die tyd uitloop, sal ons geen verbond nodig hê nie. Maar totdat tyd uitloop, het ons die verbond nodig.

137 Nou, onthou, Hebreërs 13:10-20, 'n "ewigdurende verbond." God se Bloedgebonde belofte maak ons vry van sonde. Amen! Daar is geen sonde in Hom nie; sonde, self, vlees.

Aanbid Hom en wys Sy beloofde krag uit! God se Bloedgebonde, tekengebonde, verbondsmense het die Gees van Jesus Christus hierbinne, dat: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen," vertoon die verbond. Sien?

Nuwe Testament! *Testament* beteken "verbond." Dis reg, is dit nie, Doktor Vayle? *Testament* beteken "verbond." *Die Nuwe Testament* beteken "die nuwe verbond." Die Ou Testament was die oue, onder die lam, dat die lewe nie kon terugkom op die gelowige nie. Die Nuwe Testament was die Lam van God, en Sy Lewe kom terug op ons. Bloed se Lewe! Sien? Bloed is Lewe in die Nuwe Testament, sien, Lewe is van die Bloed van die Lam, wat die Nuwe Testament beteken, nuwe verbond.

Dat, God: "Na daardie dae sal Ek My wette skryf op die vleeslike tafels van hulle hart." Sien? Sien? "Nie op die klipperige tafels en 'n lam se bloed, waarvan jy moes sê: 'Ja, ek—ek het die bloed hier, nou wat sê dit om te doen?' Maar op die tafels van jou hart, sien, die Geesverbond sal Ek met die mense sluit."

138 En Dit vertoon Sy krag. Johannes 14:12, sê: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen."

Nuwe Testament is "nuwe verbond," nuwe Lewe, wys Jesus het aan elke vereiste vir ons voldoen wat God vereis het, om ons weer te maak, waarlik, seuns en dogters van God, onder die Bloed, waar daar geen veroordeling meer is nie.

Romeine 8:1: "Daar is dan nou geen veroordeling vir hulle wat in is nie, nie dié wat Dit glo nie: dié wat in Christus Jesus is, wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees. En My Woord is Gees en Lewe." Sien? O, kon ek nie 'n teks daaruit neem en nog omtrent 'n paar uur gebly het nie. Maar ons sal

vinnig daaroor gaan, julle sien.

Geen veroordeling meer nie; vry van sonde, vry van die sorge van die wêreld, geen veroordeling nie. Hoekom? "Aan hulle wat deur een Gees gedoop is tot een Liggaam." Daar is die Bloed van die Lam aangewend. Die God van die Hemel het jou aanvaar, en jou … Sy Lewe is in julle en julle is seuns en dogters van God.

Jou karakter is God se karakter. Wat is dit, 'n klein "omstoot"? Nee, meneer! God is 'n God van oordeel. Hy is 'n God van korreksie. Dit moet op die lyn wees. Niks anders sal doen nie. Dis die soort karakter wat jy is, want jy is die karakter van jou Vader. Sien?

139 Wat? Die lewe, kyk wanneer (dit) die lewe geneem word, vir die bloed. Sien? Die lewe self is geneem. Sien? Die lewe, dit was geneem, vir die bloed. Sien? Die bloed is aangewend en die lewe kon toe nie op die gelowige kom nie, vir die lewe van 'n dier. Nie die lewe …

Maar, sien, in plaas van 'n menslike wese, was dit 'n super, super, super menslike Wese. Sien? En dit maak die menslike wese nou nie net 'n menslike wese nie, maar hy's 'n seun en dogter van God, van die super, super, super, super, super Lewe wat in Hom was, kom terug op jou; en verander jou van 'n sondaar, en die dinge van die wêreld, 'n kerklidmaat, en 'n denominasionele ganger, na 'n wedergebore Christen, vervul met die Gees; die Lewe van God wat net van jou af vloei, soos vonke van 'n aambeeld, soos jy loop, vol deug, en liefde, en sagmoedigheid, en soos die Heilige Gees beweeg, praat. O, goeiste! Daar het julle dit. En met (die wat?) hoor van die Boodskap, kyk na die Vuurkolom en die geseënde versekering: "Ek het van die dood tot die Lewe oorgegaan." Let op, daarom glad geen veroordeling nie.

140 "As ons harte ons nie veroordeel nie, dan het ons ons versoek, sien, ons weet." Maar as sonde in ons hart is, dan veroordeel dit ons, ons—ons kan net sowel nie eens begin nie. Sien? Jy moet vrykom van sonde. En die enigste manier wat jy kan vrykom van sonde is om in Hom te kom. Dis die enigste bedekking wat daar vir sonde is, is Christus.

Onthou, die verbondsbloed, die verbondsbloed word nie erken sonder die Teken nie. Jy kan nie. Jy sal nie. Jy sê: "Wel, ek—ek is geheilig van dinge." Dis nie die Teken nie. Dis die Gees, is die Teken, die Gees van Christus op jou. Glo dit!

141 Nou, kyk, die Woord verseker ons van die belofte. Al hierdie is tekste wat ek hier neergesit het. Kan net aanhou om heeldag te preek, lyk dit, sien, daarop. Sien? Die Woord verseker ons van die belofte, want Dit is die belofte. Die Woord is die Belofte, en die Woord is die God, en die Woord is—is ons s'n. En ons word die Woord en die Woord word ons. "En as julle in My bly, en My Woord in julle," dan, sien, dit word net een groot familie. Sien? Dit verseker ons. Want hoekom? Wel, dis deel van ons. Sien? Sien? Sien, Dit word deel van ons. Wat 'n teks! Goed. Verseker ons, die belofte.

142 Die Teken is die teken dat die koop gedoen en aanvaar is. Nou, jy kan nie die teken van die spoorweggeld kry totdat jy die prys betaal het nie; en die enigste manier wat jy die prys gaan betaal, is om dit te betaal. Dis reg. Wat? Glo Dit. Aanvaar Dit. Volle gehoorsaamheid aan die hele Woord van God sal jou geregtig maak op die Teken. Volle gehoorsaamheid! Nie die deel Daarvan sover as wat jou denominasie gaan nie, maar alles Daarvan. Volle gehoorsaamheid aan die Woord, wat Christus is, bring jou in Christus in.

143 Nou wat as jy net heeltemal in was, maar jou voete hang uit? Wat as jy heeltemal in was, met hande wat uithang? Meeste van alles van ons in, maar die hart wat uithang? Sien? Sien? Die hart is nog in die wêreld? Sien? Maar ons doen dit nie.

Volle, volledige gehoorsaamheid maak jou en die Woord Een. Jy glo Dit, elke stukkie. En dit alles in jou, en jy kyk hoe Dit deur jou werk.

Jy gaan nie rond met 'n klomp tekere ganery nie. Sien? Jy's 'n Christen. Maak nie saak wat enigiemand sê nie, hulle sal jou nooit aanraak nie. Jy's in Christus. Jy's veilig soos jy kan wees.

Wanneer die dood aan die deur klop, het dit geen houvas nie, sien, glad nie. Hoekom? Dit stap net *hieruit* Daarin.

144 Ouderdom beteken niks nie. Jy is al verby ouderdom. Jy's in die Ewigheid, want jy's in Hom. Hy is Ewig. Beteken nie 'n ding of jy jonk, oud, middeljarig, of wat jy ook al is nie. Mooi, lelik, kort, vet, wat, dit maak nie saak nie. Dit maak nie saak nie.

Jy gaan nie rond en al hierdie ander dinge nie. Jy, jy het klaar daarvan weggegaan. Jy's dood. Jou lewe is verborge in God deur Christus. Jy is daarin verseël deur die Heilige Gees, wandel in Christus. Die enigste voorwerp wat jy sien is Christus. Dis al. Dis die Enigste waarby jy loop. O, goeiste! Geen wonder ons het altyd daardie liedjie gesing nie!

Vul my weg elke dag met liefde,

Soos ek wandel met die hemelse Duif;
Laat my die heeltyd gaan, met 'n lied en 'n glimlag,
Vul my …

145 Laat my 'n broer wees. Laat my die voorbeeld uitleef van wat Christus gesê het 'n man behoort te wees. Laat my 'n broer vir 'n broer wees, 'n broer vir 'n suster. Laat my 'n—'n prediker vir die predikers wees. Laat my 'n voorbeeld van voorbeelde wees. Laat ek vir die wêreld wys dat hierdie Woord Christus is. Die enigste manier waarop ek dit kan doen, is om in Hom in te kom. Want, ek kan dit nie self doen nie, jy kan dit nie doen nie. Maar laat die Woord en jy Een word, dan leef Dit Homself uit. Jy is 'n wandelende brief van Jesus Christus, wanneer Hy volle beheer het, beheer oor jou, om elke Woord te maak.

As Hy *hiernatoe* kom: "Ek wil Dit doen," en jy sê: "Nee, nee, ek glo Dit nie," sien, is jy nog nie in die Woord nie. Sien?

146 Vol, nou kyk, ten volle, nou, volle gehoorsaamheid aan die hele Woord van God gee ons die reg om die Teken te hê. Dan wanneer ons betaal, bid, moet ons die Teken hê om aan te bied met ons gebed.

As jy sê: "Ek bid, Here, maar ek het regtig nie …" Wel, jy doen dit nie. Kan net sowel stop, sien, om … Gaan voort, eers, kry die Teken, sien, want daardie Teken is wat Hy sal herken. Sien? Ja, meneer!

Wanneer ons bid, dan moet ons die Teken aanbied: "Here, ek het U gehoorsaam, ten volle. Ek het my bekeer van my sondes. Ek voel dat U my vergewe het. Ek is gedoop in die Naam van Jesus Christus. Die Heilige Gees is op my. Nou het ek sekere ding nodig vir U heerlikheid. Here, ek vra daarvoor. Dis nou myne." Dan is daar iets *hier* wat anker: "whew-whew," dis joune. Dit doen dit. Dan is dit alles verby. Dis alles verby. Dis afgehandel. "Ek vra *hiervoor*. Ek vra daarvoor. Ek moet dit hê. Sien? Sien? Ek—ek wil dit hê tot U eer." Sien? Wel, dis dit, dan gee Hy dit net vir jou. Dan weet jy dis joune. Dis hoe dit is, ons kinders, sovoorts, ons wend die Bloed aan, glo dit. Dis al. Goed.

147 Wat doen Hy dan? Wanneer jy het, die Teken kan aanbied saam met jou gebed, wys Dit dat jy ten volle tot gehoorsaamheid gekom het aan die hele Woord van God. Wanneer jy die Teken het, wys dit dat jy elke Woord gehoorsaam het. Dan, jy en die Woord is een, jy vra net vir die ding wat jy is. Sien? Sien? Dan, wel, jy weet.

As ek *hiervoor* sê: "Hand, gehoorsaam my, reik uit na daardie sakdoek!" Dit doen dit. Sien, hand het my gehoorsaam. Hoekom? Dis deel van my. Sien?

Dan wanneer jy en die Woord een word, elke belofte, glorie aan God, is elke belofte joune. Dit gehoorsaam jou. Dan wil jy kyk wat jy wil doen. Jy sou nie jou hand in 'n vuur steek, net om te sê: "Sien my dit doen nie." O, nee, nee! Sien? Maar as daar iets in daardie vuur is waarvoor ek moet gryp, sal dit my gehoorsaam. Sien? Sien? Dis reg. Sien, jy wil kyk wat jy doen.

Dis die rede waarom die Heilige Gees spaarsamig uitgegee het, en dinge, julle weet wat ek bedoel, omdat sommige … Jy wil nie … 'n Ware dienaar van God pronk nie Daarmee nie, julle sien. Dis dit. Dis om 'n vertoning te maak.

Wanneer ons bid, bied ons die Teken aan. Dit wys ons het ten volle gehoorsaam.

148 Paulus sê vir ons dat: "Die bloed spreek." Dat, enigeen weet dat die bloed is, eintlik, self, kan nie praat nie. Dis 'n chemie. Is dit reg? Hoeveel weet dit? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Maar hoeveel weet dat die bloed spreek? ["Amen."] As julle dit wil neerskryf, Génesis 4:10. God het gesê: "Wat van jou broer?" Het gesê: "Sy bloed roep van die aarde af teen jou." Amen! Is dit reg? Sy bloed praat. Halleluja! God het gesê: "Wat van hom?"

Hy het gesê: "Is ek my broer se wagter?"

Het gesê: "Sy bloed roep uit. Sy bloed roep uit." Dis 'n teken. Dis 'n teken dat hy doodgemaak is. Sy bloed het teen hom uitgeroep.

149 Nou, as julle dit kry in Génesis 4:10, dan in Hebreërs 12:24, begin lees. In Hebreërs 10, 12:24. Gesê: "Die Bloed van Jesus spreek beter dinge as dié van Abel."

Sien, Abel, hy was 'n regverdige man. Hy het gesterf. Hy het gesterf, onskuldig, want hy was in die Weg. Hy was in die Weg, gestaan vir die ware openbaring wat hy gehad het. Hy het gespreek. Dit het uitgeroep! Die geregtigheidsbloed van Abel het uitgeroep teen Kain.

Maar die Bloed van Jesus Christus, het nie net uitgeroep nie, Dit het verlos. Amen! "Dit spreek van beter dinge." Dit maak julle seuns en dogters. Dit verberg jou van die toorn van God. Sien? Die bloed van Abel kon Kain nie verberg nie, sien, maar die Bloed van Jesus kan. Amen!

So, ou Kain kom vandag uit as jy 'n vervolger was teen die Woord, en sê: "Dae van wonderwerke is

verby. Hierdie Ding is alles onsin, en dinge."

Dit roep uit, jy sien. Die Bloed van Jesus Christus roep uit, maar daar is vergifnis Daarin as jy Dit net sal aanvaar. Wens ons kon 'n rukkie daarop bly, sien: "Bloed spreek van beter ding."

150 Glo, vir veiligheid. Pas dan toe, sien. Glo vir … Hier is waarvoor jy wil glo. Sien, jy wil jou eie veiligheid hê. Jy glo vir jou veiligheid en pas dan die Teken toe vir die hele familie. Sien? Jy sê: "Hoe kan ek dit doen?" Eis dit! As Dit op jou gewerk het, dan word jy en die Woord een. Amen! Amen! Sien? Sien, Dit werk vir julle albei. Jy en die Woord is een, pas Dit dan op jou kinders toe, pas Dit toe op jou geliefdes.

Soos Ragab gedoen het, sy het die teken op haar vader aangewend, sy het dit op haar moeder aangebring, sy het dit op haar broers en susters toegepas, en hulle almal ingekry.

Jy pas Dit toe, sê: "Here, ek gaan agter my seun aan. Ek gaan agter my dogter aan. Ek eis haar! 'Satan, jy laat haar gaan!' Ek kom agter haar aan. Ek pas my Teken toe, die Heilige Gees. O Heilige Gees, wat in my lewe, vang my dogter daar. Ek gaan nou na haar toe, met U salwing op my." Hy sal dit doen. Amen.

151 Dis wat hulle in Egipte gedoen het. Dis wat hulle in Jerigo gedoen het.

As jy nog een wil lees, Handelinge 16:31. Paulus het vir die hoofman oor honderd gesê: "Glo! Ek is die boodskapper van die uur. Glo in die Here Jesus Christus, jy en jou huis sal gered word." Dit reg? Glo vir jou huis, bring hulle almal onder. "Nou het julle die God van die Hemel 'n wonderwerk sien doen. Dis voor oordeel. Glo jy dit?"

"Ja! Wat kan ek doen?"

Hy het gesê: "Staan op en word gedoop." Paulus het hom uitgeneem en hom gedoop, gesê: "Glo nou in die Here Jesus Christus, en jy en jou huis sal gered word."

Glo wat? Glo die Here Jesus Christus, vir jou huis, pas die Teken op jou huis toe.

Dan wat doen jy wanneer jy Dit op jou huis toepas? Skuif al die gemors uit. Kry al die kort rompe, en die kortbroeke, en die kaarte, en die sigarette, en televisies, en wat ook al, en skop hulle by die deur uit, wanneer jy die Teken gaan aanwend; sal nie stilstaan daarvoor nie. Ja, meneer. Neem dit alles uit. Al die danse, en partytjies, en ruk-en-rol, en ou vulgêre koerante, en die goed wat van die wêreld is, skop dit by die deur uit, sê: "Ons maak hierdie plek hier rond skoon."

152 Soos Jakob gedoen het, het hy gesê, vir sy vrou en almal van hulle gesê, gesê: "Was jou klere en alles. Verwerp daardie gode." Amen. Jo- …

Julle weet wat Josua gesê het voor hy oorgegaan het? Hy het gesê: "Was julle klere; moenie by julle vroue kom nie, ensovoorts, en maak gereed, want binne drie dae sal ons die Jordaan oorsteek." Amen. Hy het gereed gemaak, het die teken gebruik. Amen. Dis dit.

Maak gereed. Pas Dit toe. Glo Dit. Maak skoon. Laat jou kinders, laat jou familie, laat jou geliefdes Dit in jou sien. Dis reg. Dit sal in werking tree. Ja, meneer!

Wend dan die Teken aan in gebed, met—met—met oorweging, met geloof. Pas Dit toe met sulke liefde, ensovoorts, totdat jy weet dit gaan plaasvind, dit gaan plaasvind. Dis al. Pas Dit toe in vertroue, glo dit gaan help. Wanneer jy met daardie kind praat, wanneer jy met jou man praat, met jou vrou praat, met hierdie geliefde praat, glo dat Dit gaan help. Staan net daar en sê: "Here, ek het hulle opgeëis. Hulle is myne. Ek kry hulle vir U, Here."

153 Pas Dit toe en skep daardie atmosfeer rondom jou, dat hulle net reg Daarin sal val. Sien? O, jy is, jy is, as jy die Teken het, skep jy 'n gees om jou, 'n krag, dat wanneer jy wandel, mense weet dat jy 'n Christen is. Hulle hou daarvan dat jy iets vir hulle sê. Hulle glo jou woord. Wat jy sê, hulle hou daaraan vas. Sien? Dis dit.

Pas die Teken toe, wandel dan Daarmee. Eis jou huisgesin. Jy moet dit nou doen. Hierdie is aandtyd. Nou, julle het 'n lang tyd geluister, nou is dit die aandtyd. Dit is nou tyd van toepassing. Die toorn sal tref, een van hierdie dae, dit mag dan te laat wees. Sien? Pas die Teken toe met vertroue.

154 As julle dit wou lees, iets hier lees, my Skrif wat ek hiervoor neergeskryf het, lees Efésiërs 2:12 en as julle dit wil neerskryf. Let op, in Efésiërs 2:12, wanneer julle dit lees, sê dit dit. "Dat ons nie dooie werke dien nie, maar ons dien 'n lewende God, met lewende werke." Amen! O, goeiste! Met lewende werke, lewende tekens. Glo julle in lewende tekens? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Sit ook neer, Hebreërs 9:11-14, as julle dit wil neerskryf. Lewende tekens, lewende werke, pas dit toe!

Nie dooie geloofsbelydenisse nie: "Ek sal my seun oorneem kerk toe en toesien dat hy by die kerk

aansluit."

'n Goeie Christen seun hier, 'n goeie vriend, ou maat, 'n ware kêrel, hy—hy het hierheen gekom, is gedoop. Sy moeder het gesê: "Ek wens jy wou na 'n groter kerk gegaan het as jy gedoop wou—wou wees." Sien? Sien, hy wou net nie ou dooie geloofsbelydenisse en dinge hê nie. Sien?

155 Ons dien nie dooie geloofsbelydenisse en dooie gode nie. Ons dien 'n lewende God Wie se Bloed destyds gestort is en die Teken is op ons toegepas, dat ons ook lewe. Amen. Ja, meneer!

Moenie dooie geloofsbelydenisse dien nie. Hulle ontken selfs sulke dinge soos die Teken. Hulle sê: "Die dae van wonderwerke is verby. Daar is nie so iets soos die doop van die Heilige Gees nie." Waarom by so iets aansluit? Sien? Moet dit nie doen nie.

Pas die Teken toe, dan: "dien die lewende God," vir lewende werke, lewende tekens; tekens wat die siekes genees, die dooies opwek, dinge voorspel, in tale praat, interpreteer, elke keer volkome reg, profeteer en sê dit en so iets sal gebeur, tekens toon in die Hemel daarbo en op aarde, tekens en wonders, amen, praat presies wat die Bybel gesê het sou plaasvind. "Dien die lewende God," pas die Teken toe!

156 Moenie na daardie kerke toe gaan en by daardie ou dooie werke en dinge soos daardie aansluit nie, want hulle glo nie eens in sulke dinge as teken nie. Maar ons wat glo, amen, weet dat … Hulle sê: "Daar is nie so iets soos 'n teken nie. Dit, o, o, dis onsin. Waaroor hulle daar praat, is gek. Wel, daar is nie so iets nie. Wel, julle vroue daar, o, julle—julle, wel, julle doen nie … Wat het jou kleredrag …?" Dit het. Die Bybel het so gesê. "Wat het jou hare enigsins …?" Die Bybel het so gesê.

Dit, dis net die verskille, sien. "Raak nie aan nie, hanteer nie, proe nie." Hy is God. Sien? Nou, dit beteken iets.

157 Nou, hulle dink dis gek. Maar aan ons wat glo en die Waarheid ken, ons weet Dit is Sy lewende Teenwoordigheid, want Dit doen dieselfde dinge wat Hy gedoen het toe Hy hier op aarde was. Amen.

"O," sê hulle: "hulle verbeel hulle hulle sien daardie Vuurkolom." O, nee! O, nee! Ons stel ons niks voor nie.

Hulle het gedink Paulus verbeel Dit ook. Egipte het gedink Israel verbeel Dit, maar Dit het hulle na die beloofde land geneem. Ja, meneer! Ons doen nie …

Hebreërs 13:8, julle weet: "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd," as jy dit neerskryf, sien, dat: "Hy dieselfde is." Dit—dit is nie—dit is nie dieselfde … een of ander verbeelding.

158 Wanneer ek hierdie Skrifte hier skryf wat ek hier uitskryf, weet ek waar die Skrifte is, en dis hoe ek daarnatoe gaan. Sien?

Weet dit is Sy lewende Teenwoordigheid, want Hy doen dieselfde in hierdie Gees. Nou, as dit in een of ander geloofsbelydenis of denominasie afgegaan het, weet ons baie gou dit was nie Christus nie. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] As ek jou in een of ander geloofsbelydenis gelei het, of iets, sou ek uit een of ander denominasie gestuur word. Maar Ek bring nie vir julle geloofsbelydenisse nie, en Ek leer julle nie denominasies nie. Ek leer julle die Woord van God, wat die krag van die opstanding van Jesus Christus gemanifesteer is, nie net vir my nie, maar vir wie ook al wil. Sien? Dat julle …

159 Jy is my broer. Ek is nie 'n groot persoon en jy 'n klein persoon nie. Ons is almal klein persone in God. Sien? Ons is Sy kindertjies. Ons weet niks wat ons regtig behoort te weet nie. Hy laat ons weet soos Hy wil, en ons is dankbaar teenoor Hom vir wat ons wel weet van Sy seëninge. En ek deel dit nie alleen nie; Ek wil dit met julle deel. Sien? Ek wil hê julle moet Daarin ingaan, en ek wil hê julle moet hierdie Teken ontvang. En as jy dit nie gedoen het nie … Baie van julle, meeste van julle, het dit alreeds gedoen. Maar as sommige van julle dit nie gedoen het nie …

Sien, ek praat ook op band, julle verstaan. En baie daarvan … En ek sê nie hier in die kerk nie; ons het almal uitgekom, veronderstel. Maar daar sal miskien duisende maal duisende die band hoor, sien. En dit, dis 'n bediening. Daar sal iemand wees om in Jerigo in te glip, julle weet, met 'n band, so ons wil—ons wil daardie voorbestemde Saad vang wanneer dit daar ingaan, sien, want die toorn kom.

160 Weet dat dit die Teenwoordigheid van die lewende God is, bewys dat God Hom opgewek het volgens Sy beloofde Woord. "'n Klein tydjie en die wêreld sal My nie meer sien nie. Jerigo, Egipte, hulle sal My nie meer sien nie. Tog sal julle My sien, want Ek …" "Ek," die persoonlike voornaamwoord, word altyd na verwys, sien. "Ek is met julle. Ek is die Teken. My opstanding is die Teken. Die werke wat Ek doen sal julle identifiseer, sal My in julle identifiseer."

"Soos dit was in die dae van—van Lot, so sal dit wees met die koms van die Seun van die mens, wanneer die Aandboodskap uitgaan."

"Want dit sal Lig wees teen die aandtyd. Net omtrent die aandtyd sal die Lig aanbreek." O, glorie aan God! Laat my voel asof ek deur 'n bende kon hardloop en oor 'n muur spring. Sien? Sien? "Dit sal Lig wees teen die aandtyd." Dis reg. Die profeet het so gesê.

"Ek sal met julle wees. Ek sal in die Luther eeu wees; Ek sal in die Wesleyaanse eeu wees; Ek sal in die Pinkstereeu wees; maar teen die aandtyd, sal dit Lig word." Die denominasioneles sal vervaag en dan sal die Teken aangewend word. En hulle almal wat eerlik van hart is, daar deur, sonder—sonder julle sal hulle nie—nie volmaak gemaak word nie. Maar in julle …

161 Dis asof die kop moet gaan, om die voet te vat. Die kop moet gaan, om die hand te vat. Die kop moet gaan, om die hart te neem. Die kop moet gaan, om die mond te neem. Sien, die kop moet gaan.

En nou is ons by die tyd waar die teken aangebring is op die latei van die deur, sien, en op die deurposte. "En dan wanneer Ek die bloed sien, as 'n teken, sal Ek by jou verbygaan."

Ek sal nou gou maak, net so vinnig as wat ek nou kan. Net omtrent nog vyf minute, of tien, sal ons klaar wees.

162 Bewys dat God Hom opgewek het uit die dood. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Hy lewe vandag onder ons. En daardie "Ek" is Christus. En daardie "Ek" is met ons tot die einde van die … dis net *voleinding*, wat beteken: "die einde van die wêreld." "Ek sal tot die einde van die wêreld wees," volgens Sy beloofde Woord. Hy het dit belowe. "En die werke wat Ek doen, sal julle ook doen." Dis nie onsin vir ons nie. Dis die Teken. Dis die Teken.

163 Ons aanvaar hierdie heilige Bloed offer. Ons aanvaar Sy geofferde Bloed, dan gee … Hy wat ons die Lewe gee, die Teken, 'n seël van Sy belofte. Efésiërs 4:30, het gesê: "Bedroef nie die bloed nie"? Nee. "Bedroef nie die Heilige Gees waardeur julle …" [Gemeente sê: "'*Verseël*.'" - Red.] "Verbond mee gemaak, eenkant gesit." Daar is verbond met julle gemaak. Julle is. 'n Teken, die Heilige Gees, sal die seël wees. Wanneer enigiets verseël is binne-in 'n seël, moet jy dit liewer nie breek nie. Kan dit nie breek nie, jy, nie God se Seël nie. Nee. Sien? Want julle is … "Bedroef nie die Heilige Gees van God nie, waardeur julle verseël is tot die dag van julle verlossing, wanneer die liggaam opgewek word."

164 Dis 'n saad, 'n teken dat die saad ontkiem is met Ewige Lewe: "Zoe: 'My Eie Lewe,' en Ek sal dit weer opwek in die laaste dag." En soos jy wandel, het jy vertroue dat die Lewe van Christus in jou is en jy in Hom. "Deur een Gees word ons almal gedoop tot een Liggaam, en daar verseël deur die Heilige Gees," onder hierdie gelowiges soos hierdie: "tot die dag dat Jesus ons opwek." O, goeiste! Pas die Teken toe. Dis wat dit vir ons beteken. Ons verwag dat hierdie Offer ons Lewe sal gee, en Dit doen. En Dit gee ons die Teken, en ons pas die Teken toe, wat die Seël is tot … Synde—synde deelgenote Hiervan, wat 'n groot ding is dit, synde deelgenote, gedoop deur hierdie een Gees, in daardie een mist- … mitiese Liggaam.

Het ek daardie woord reg gesê, mities? Mistiek, mistieke Liggaam, mistieke Liggaam van Jesus Christus. Sien, die Heilige Gees het gesê: "Jy sê dit verkeerd." 'n Eenvoudige mens soos ek, maar Hy het gesê: "Jy sê dit verkeerd," het ek dit "*mities*" genoem, wat mistieke Liggaam van Jesus Christus is, sien, die mistieke Liggaam van Jesus Christus. Ek het nie … Ons het nie 'n geleerdheid nodig nie; ons het die Heilige Gees nodig. Hy is die Een. Sien? Hy is die Een. Ja, sien, dit mag iemand iewers laat struikel het, een of ander opvoeder, nou hoop ek hy kry dit reg. Die mistieke Liggaam! Dit sal vir iets wees, want Hy sou dit nie gesê het nie. Sien? Hy is nou reg hier. Hy is reg hier by die preekstoel. Hy is reg daarbuite. Dis Hy. Sien? Sjoe!

165 En in Hom is geen dood nie. In Hom is geen droefheid nie. In Hom is niks moegheid nie. In Hom is geen sonde nie. In Hom is geen siekte nie. In Hom is geen dood nie. Ons is in Hom! As Satan jou iets probeer oorhandig, soos siekte, neem net jou Teken en pas Dit toe. O, goeiste! Neem jou Teken en pas Dit toe, dat jy 'n gekoopte produk van Jesus Christus is. Die Teken staan daarvoor dat jou reisgeld betaal is.

Hy sê: "Wanneer jy sterf, is jy verlore."

Sê: "Jy's verkeerd. Ek het die gekoopte produk. Ek is 'n gekoopte produk. Ek het die Teken."

"Wat is die Teken?"

Hy weet wat Dit is. Moenie, moenie met hom speel nie. Hy weet wat Dit is. Nou, jy mag met party van hierdie predikers praat en hulle sal met jou stry. Nie Satan nie; hy weet van beter. Sien? O, ja. Hy het daarteen gekom, twee of drie keer, julle weet, en het 'n fout gemaak, van versoeking. Satan weet waarvan jy praat. Wys net daardie Teken, hy sal vlieg. Ja.

166 Want, wat is dit? Dis 'n verseëlde produk. Hy kan dit nie oopbreek en iets daarin gee wat nie reg is nie. Sê: "Haal jou hande af! Ek is verseël." O, goeiste! 'n Verseëlde produk! Ja, meneer! Jy is gekoop.

Hou die Teken oor jou onbeweeglike geloof in Sy belofte, kyk hoe hy gaan. "Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag!" Sien? Sien? Neem daardie Teken. Dis waarvoor Dit is. Satan is daar om jou te versoek.

Hy was in Egipte, om te versoek.

Wel, julle weet, daardie dag toe Ragab daardie hoer geplaas het … Die hoer daardie tou laat afhang het, daardie tou, ek veronderstel sommige van daardie soldate het gelag en gespot, gesê: "Daardie mal ou vrou daarbo! Sy is van haar kop af. Kyk, sy het dit daarin. Ha, ha, ha! Wel, het jy ooit van so iets gehoor? Wel, Doktor Jones het gesê, hier onder: 'Daar is niks daaraan nie.'" Maar daar was, want 'n boodskapper van God het die boodskap gebring en hulle vertel.

167 Kan jy jou voorstel die Egiptenare sê: "Lyk asof … Sê, kyk na daardie mal klomp heilige rollers, wat bloed aansit! Ha, ha! Sal hulle nie 'n gemors hê om dit nou af te was nie! O, goeiste! Daardie groot goeie huise oral oordek met bloed! O, so 'n stank! Ek sal julle wed dat dit binne 'n paar dae verskriklik sal wees. Dit sal niks beteken nie. Julle weet waarom? Heilige vader *So-en-so* het so gesê." Maar daar was. Dit was. Dit het wel iets beteken.

Dit beteken wel iets vir ons wat Dit glo. Sien? Onthou net jou onbeweeglike geloof wat jy in hierdie Woord het! Nou, jy is nie meer Eva nie. Sien? Jy is nie een van hierdie twyfelaars nie en, wel, gee toe aan Satan. Jy hou elke Woord van God. Sien?

Eva het gesê: "Wel, die Here het so gesê!"

Satan het gesê: "Maar, julle weet, die Here sal sekerlik nie so iets aan 'n gawe persoon soos jy doen nie. O, jy's so lieflik. Hy sou nie." O, ja, Hy sal ook. Hy het gesê Hy sou dit doen.

"Wel, my vader was 'n prediker. Ek was 'n prediker." Ek—ek kan dit nie help nie. Sonder die Teken is jy verlore. Die toorn is op jou, sien, dis al, sonder die Teken. Sien? Ja. Hy het gesê Hy sou dit doen en Hy sal dit doen. Dit, dit handel dit net af. Hy sê Hy sal dit doen.

"O, ek glo die dae van wonderwerke …"

Ja, maar Hy het gesê dit was nie. "Ek is dieselfde gister, vandag, en vir altyd," sien, dis net wat Hy bewys om te wees.

Nou, vir ons, weet ons dit. Vir hulle, hulle glo Dit nie. Maar ons glo Dit. Ons weet dis die Waarheid. Sien?

168 Nou, synde daarin, word ons deel van die Woord. En neem dan die Teken, die Gees, oor die belofte: "Ek is die Here wat jou genees."

Maak nou gereed vir die genesingsdiens vanaand. Sien? Neem die Teken, hang Dit oor die Woord, op jou onbeweeglike geloof in daardie Woord, hy sal uitkom. Nou, Dis—Dis die ding wat hom uitsit, want in Hom is daar nie so iets nie.

Wens ek kon nou 'n bietjie getuig van 'n paar dinge wat ek sien gebeur het net in die laaste paar weke. Sien? Sien? O, waarvan ek kon getuig!

Julle weet, en Lukas het gesê: "As alles wat Jesus gedoen het in boeke geplaas sou word, die … was daar nie genoeg boeke in die wêreld om dit te skryf nie."

Net wat ek in my eie bediening gesien het, Hom gesien doen het, julle kon nie die volumes op hierdie platform hier ophoop nie. As ek dit in besonderhede geskryf het wat ek Hom sien doen het net in my eie bediening, Hom dit sien doen. Sien? Hy het meer sukses in my bediening gehad as wat Hy in Sy Eie gehad het. Nou, onthou, Hy het nou meer sukses behaal, nie ek nie; Hy het. Glorie! Halleluja!

169 Hy het meer sukses in Jeffersonville gehad as wat Hy in Nasaret gehad het. Hy het dit gedoen in daardie bose stad en hierdie bose stad. Amen! Glorie! Want, "Hy kon geen wonderwerke daar doen nie," maar Hy het hier. Hy het uiteindelik hier deurgebreek. Hy het dit hier gedoen. Hy mag mense êrens anders moes kry, maar Hy—Hy het dit gedoen, in elk geval. So, Hy het meer sukses gehad net hier as wat Hy in—in Kapérnaüm of—of Násaret, daarin gehad het. Hy het meer wonderwerke reg hier in hierdie tabernakel gedoen as wat Hy gedoen het in die hele bediening op aarde. Dis reg, Hy het dit gedoen. Nou wat van die res van die wêreld? O, goeiste! Nou dis wat Hy gedoen het.

Onthou nou: "Hy" gedoen het. Nou, dit het nooit gesê ek het dit gedoen nie, sien, nee, want ek het dit nie gedoen nie. Ek het net nie. Ek het Hom net liefgehad en myself net aan Hom onderwerp, en gesê wat Hy gesê het, en die Heilige Gees het na die ander mense gegaan en hulle het geglo wat Hy gesê het, en toe het Hy die werk gedoen. Dis al.

As Hy ons almal dit kan laat glo! Wat sou Hy nou doen as Hy ons almal dit nou kon laat glo, reg?

Daar sou nie 'n swak persoon in die dorp rond wees nie. Dis reg. As Hy almal kon kry om dit te glo, sou dit alles verby wees. Sien?

Hou jou Teken oor jou onbeweeglike geloof in Sy beloofde Woord, en Satan sal gaan.

Nou gaan ek nou afsluit.

170 God het eenmaal nog 'n teken aan die wêreld gegee; dit was 'n reënboog. Onthou julle dit? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Hy het altyd, altyd getrou gebly aan daardie teken, want Hy het dit as 'n teken gegee. Al hierdie duisende jare het Hy nooit gefaal om daardie teken te vertoon nie. Is dit reg? ["Amen."] Hoekom? Hy eer dit. Hy het dit gegee. Hy het die wêreld 'n teken gegee dat Hy nie meer die wêreld met 'n vloed sou vernietig nie. En Hy het dit altyd, altyd, sedert daardie dag, vertoon.

Daar is 'n paar elemente in die lug, wat daardie reënboog maak. Wanneer dit reën, en die son uitkom, wys dit dit. Die son droog die reën op, so Hy het die reënboog daar gesit om te bewys dat daar nooit genoeg water sou wees om op die aarde te val om dit weer te vernietig nie. Dis Sy verbond. Dis 'n teken. Hy het gesê: "Ek sal dit vir julle gee as 'n teken."

171 Hy het Sy teken geëer. Hy het Sy teken in die dae van Noag geëer. Hy wys dit nog. Hy het Sy teken in Egipte geëer. Hy het dit in Jerigo geëer. Hy eer Dit vandag. Hy eer altyd Sy teken wanneer dit vertoon word.

Al hierdie duisende jare het Hy daarvan gehou om daardie teken te vertoon. Hy vergeet dit nooit. Hy vergeet nie Sy teken nie. Nou, maak nie saak hoeveel die wêreld verander nie, die reënboog is steeds daar. Sien, Hy eer die teken.

So maak Hy nou, Hy eer Sy Teken. Maak nie saak hoeveel die kerk verander nie, hoeveel dit *dit* doen nie; God eer steeds Sy Teken, dit alleen. Wys ons Hy faal nooit om te eer wat Hy doen en wat Hy sê nie. Ons aanvaar, ons—ons respekteer Dit. Ek doen.

172 Hy verwag van ons om ook Sy Teken oor ons geloof te vertoon, aan Satan en al sy ongelowige sektes en denominasies, dat ons glo dat Sy belofte waar is, en Hy sal doen wat Hy belowe het om te doen. Daar is die Kerk.

Geen wonder hulle kan nie uitkom by die eerste basis daar, soos ons dit noem nie; verskoon die uitdrukking. Geen wonder hulle kom nêrens anders as om terug te gaan na 'n denominasie en 'n klomp opgetooide, gepoleerde mense te maak nie, intellektueel, geleerd. Kom nooit êrens nie, want dis wat hulle vertoon: "Ek is Metodis. Ek is Presbiteriaans." Dis al wat hulle is.

173 Maar gelowiges neem die Teken! En wat Jesus begin doen het in Galiléa, gaan Hy voort om nou te doen deur Sy vertoon van die Teken, van die Heilige Gees terug op die Kerk. Want, dit was nie die handelinge van die apostels nie, dit was die handelinge van die Heilige Gees in die apostels, en dit was 'n Teken.

Hulle het gesê hulle moes ag slaan op Petrus en Jakobus, soos hulle … Petrus en Johannes, soos hulle deur die poort genaamd Skone gegaan het, omdat hulle onkundig was. Hulle mag gesê het: "Hit, his nie, toet, skeur, haal, dra. Ek sal julle *hiervan* vertel." Sien? Hulle mag allerhande soorte grammatika gehad het wat hulle nie kon verstaan nie. Hulle het dalk nie die verskil geken nie, al die—die … al die wiskunde van die Skrif. Maar hulle moes oplet hulle was by Jesus. Hulle kon daardie Teken vertoon, want dieselfde Gees wat op Hom was, voor Sy kruisiging, was op hulle na die opstanding. Amen!

174 Dan maak dit Hom Hebreërs 13:8: "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Daar is hoe ons weet Hy lewe. Want hoekom? Hoe weet ons ons lewe? Omdat Hy lewe. En omdat ons weet ons lewe, is omdat ons soos Hy is, en ons in Hom is. En Hy het gesê: "Omdat Ek lewe, lewe julle ook. Ek is Hy," in Openbaring: "wat dood was, en lewend vir ewig." En as—as ons aan onsself sterf en lewendig word in Hom, lewe ons vir ewig. En dan is Sy Lewe in ons net soos die lewe van enigiets anders, Dit vertoon wat Hy was. En dit maak Hom dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

Nou hoe kan jy, wanneer hulle Dit ontken? Sien julle nie: "dooie werke" nie? Dien die lewende God, deur die Ewige … ek bedoel, die ewigdurende verbond van die Lewe wat in die Bloed van Jesus Christus was. Gaan nou voort, om te eindig, ek … Wel, ek glo, ons sal net stop. Sien, vertoon die Teken van Sy genade, Sy liefde! Nou, sonder hierdie Teken toegepas …

175 Nou, dit is 'n Teken. Wat is 'n Teken? Die Teken is 'n teken van 'n skuld wat betaal is. 'n Vereiste prys is betaal. Die prys van ons verlossing was dood, sien, en niemand kon dit betaal behalwe Christus nie. En nie die—die gees van 'n denominasie, nie die gees van 'n pous nie, nie die gees van een of ander man of een of ander heilige nie; maar die Gees van Jesus Christus, op die Kerk, is 'n Teken dat die skuld betaal is en Hy voldoen aan elke vereiste wat God vereis het, en ons en Hy is een. "Daardie dag, sal julle weet dat Ek in die Vader is, die Vader in My; Ek in julle, en julle in My."

Pas die Teken toe! Pas die Teken van Sy opstanding toe. Dat, omdat Hy opgewek is vir ons regverdigmaking, het Hy ons ook opgewek saam met Hom. En nou sit ons in Hemelse plekke, in Christus Jesus, onder die gemeenskap van die Teken.

176 Soos Israel daar gesit het en die geskree aan die gang was buite in die straat, het hulle nie een ding gehad om oor bekommerd te wees nie. Enigste ding, wees net seker die bloed, die teken, het gewys.

Dis die enigste ding wat ons nou moet bekommer. Daar is probleme in die—in die weg aan die kom, vriende. Dit gaan nie lank wees nie, dan gaan probleme toeslaan. Julle weet dit. Wees seker die Teken vertoon. En die Teken is die Heilige Gees. "Want deur een Gees is ons almal gedoop tot een Liggaam, en het ons deelgenote gemaak van Sy heerlikheid," op ons Land, Tuiste, marsjeer nou na die beloofde Land.

Het julle Hom lief? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Glo julle die Teken? ["Amen."] Hoeveel wil graag sê: "O, Broer Branham, bid vir my, dat ek onder hierdie Teken sal kom"? ["Amen."]

Laat ons ons hoofde buig.

177 Here Jesus, Genadigste Een! Toe die wêreld in sonde was en niemand kon help nie, God, in genade, voorafskouing, deur 'n tipe, dat daar 'n Teken sou kom wat sonde kon wegneem; dit nie net bedek nie, maar kon dit wegneem. En Jesus het in die regte tyd gekom, en Hy het die Bloed gestort, Sy Eie Lewe, geneem … wat ons 'n versoening vir ons sondes gemaak het, en Hom dan weer aangebied het in die vorm van die Heilige Gees, wat nou 'n Teken is wat gehou moet word aan die Kerk totdat Hy kom. Want die Apostel Petrus het gesê: "Die belofte is aan julle, en aan julle kinders en aan die wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep."

Here, deur U genade, U hulp, eis ek elkeen op wat hierdie Boodskap hoor. Ek eis hulle vir God, ek bid U, Here, beide hier vanmôre en diegene wat op band sal hoor. En as daar 'n Saad êrens is wat voorbestem is, Here, om die Woord van hierdie laaste dag te hoor, mag hulle nou kom, sag en nederig, en hulle trofeë neerlê by die kruis, of hulleself, as 'n trofee van die genade van God wat hulle geroep het. En mag hulle met die Heilige Gees vervul word en die Teken van die Lewe van Jesus Christus vertoon in Sy opstanding, solank hulle hier op aarde bly. Skenk dit, Here.

178 Hierdie Woorde, Here, ek het hulle dalk nie reg gesê nie. En as ek nie het nie, bid ek dat die Heilige Gees daardie Woorde sal neem en hulle die manier voorstel wat hulle aangebied moet word, dat die mense sal verstaan en weet, sonder kwaadwilligheid. En laat hulle weet dat liefde teregwysend is. En dat hulle mag weet dat dit is as gevolg van die uur waarin ons lewe, en die nabye koms van die Here, en ons sien die groot rooi ligte flits, regoor die wêreld, dat die tyd op hande is.

Mag die mense die Heilige Gees ontvang hierdie dag! Ek bid en stel hulle aan U voor, in die Naam van Jesus Christus. En laat Dit vir ons 'n Teken wees solank ons lewe, wat U belowe het Dit sou wees. Dit sou maklik wees om dit te vra, want U het belowe Dit sou wees, en ek weet Dit sal. In Jesus se Naam bid ons. Amen.

Nou, met ons geboë hoofde, net 'n oomblik.

179 Met geloof, gelowig, het ek vir julle gebid, al wat ek weet hoe. Ek—ek het gebid met opregtheid, met alles wat ek weet hoe om daarvoor te bid.

Kyk, ek besef dit. Weet julle wat? Dis jou tiende en offergawes waarvan ek lewe. Dis julle ondersteuning hier by die kerk, dat ek iemand het om voor te preek. Dis julle liefde, en julle "amens," en julle gemeenskap. En julle vriendelike woorde uit in die wêreld daar waarheen julle gaan, na verskillende state regoor die nasie, dis julle woorde wat help om die Boodskap te neem. Dis julle. Ons is vennote hierin, met Christus. Ons is broers en susters en Hy is ons Koning. En ek het julle lief. Ek—ek—ek—ek, waar ek is, ek wil hê julle moet wees. Ek ry regoor die nasie, om 'n paar keer met julle te praat. Ek verlang om julle hier te ontmoet op Sondagoggend. Ek het julle lief. Ek het julle altyd liefgehad. Soms moet ek baie hard praat, maar dis net teregwysend. Julle sien, dis net omdat ek julle liefhet, sien, en ek wil nie hê julle moet Dit mis nie. Julle, julle moet dit nie doen nie.

180 Nou, net saggies en nederig, met alles wat in jou hart is, diep binne, aanvaar Dit net. Sê: "Here Jesus, neem reg net alles wat in my is wat nie soos U is nie, en laat my al my trots, alles wat in my is, uitstoot. Al die gemors, al die ongeloof wat in my is, ek—ek gooi dit nou weg, Here. Ek skop dit net uit. En laat die lieflike Heilige Gees van God soos 'n duif afbeweeg in my. Ek—ek wil Ewig lewe, Here, en ek—ek wil hê U moet my help op hierdie tyd. Skenk dit nou."

181 Terwyl julle bid, en ons hierdie lied gaan neurie, of dit saggies sing, *Ek Het Hom Lief*. En onthou, dit kom deur liefde, want Hy is liefde. Terwyl ek my hande hou oor hierdie sakdoeke, want die mense kan hulle kry voor die aand.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het

En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.
Ek het Hom lief, ek het Hom lief.
Omdat Hy my eerste liefgehad het,

Gee nou net jou lewe aan Hom oor.
En my verlossing gekoop het
Op Golg- …

Wees lief, lief, lief vir Hom. Kyk wat Hy vir jou gedoen het. [Broer Branham begin neurie *Ek Het Hom Lief* — Red.] Dis deur liefde. Liefde bring gehoorsaamheid. Liefde bring hofmakery. Liefde bring huwelik. En dis waarheen ons op pad is, Bruilofsmaal van die Lam. Ek hoor my Verlosser roep dat Hy my ook liefhet. My, ook! Ek …

Net met jou hele hart, voel net Iets baie saggies in jou inkom. Dis die Heilige Gees.
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

182 As … Ek sal my hande opsteek, met die gehoor, met die musiek. As ek gesondig het, as ek enigiets verkeerd gedoen het …

Ek bid nou vir julle en myself.

As ek enigiets verkeerd gedoen het, beteken my hand na U, Here, ek is jammer. My hand na U, Here, beteken dat ek nie—ek dit nie wou doen nie. En ek weet ek is sterwend, Here. Ek moet hierdie wêreld verlaat, in fisiese vorm. Ek wil U ontmoet. My hand beteken, neem dit, Here. Vul my met die Gees. Gee my die Teken van U liefde op my, die Heilige Gees, wat my minlik sal laat lewe, sag, my die Lewe laat lewe wat in Christus was; dat my hart sal brand vir ander, dat ek net skaars sal rus, dag en nag, totdat ek almal kan kry wat ek kan. Ek sal wees soos die boodskappers by Jerigo; Ek sal gaan na elke persoon wat ek kan en kyk of ek hulle kan kry om onder die Bloed verbond te kom, onder die Bloed van die Lam, dat hulle die Teken kan ontvang.

183 Sien, die Bloed reinig. Die Gees is 'n Teken dat die Bloed aangewend is. Sien? Die Gees is die Teken dat die Bloed aangewend is. Totdat die Bloed aangewend is, kan die—die Gees nie kom nie. Maar wanneer die Bloed aangewend is, dan is die Gees 'n Teken, stuur dit terug na jou, dat jou geloof in die Bloed aanvaar is, jou reisgeld betaal is. Jou reisgeld is betaal. Dis alles verby. Die saak is afgehandel. Jy's 'n Christen. Jy is 'n gelowige. Christus is in jou en jy's in Christus.
… eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

184 Met julle harte nou gebuig voor God; julle pastoor, Broer Neville, met sy slotwoorde en wat hy gaan sê.

Onthou die dienste vanaand, genesingsdiens. Kom vroeg. Laat ons begin om sewe, laat my op die platform teen sewe-dertig. Is dit in orde, Broer Neville? [Broer Neville sê: "Dis goed." — Red.] Nou gaan ons nagmaal hê, julle sien, vanaand. Kom!

Vanmiddag, bly reg Daarby. Moenie hierdie Boodskap laat weggaan nie. Onthou, laat hierdie Boodskap nooit weggaan nie!

Die Bloed sal 'n Teken wees dat die Lewe gegee is. Sien? "En wanneer Ek die Bloed sien, sal Ek by julle verbygaan." Die Heilige Gees is 'n Teken dat die Bloed aan jou hart toegepas is, en Dis die Teken dat die Bloed aangewend is. As dit nooit aangewend is nie, dan sal die Teken nie kom nie. Verstaan julle? Sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Die Bloed moet aangewend word, en dan kom die Teken. Dit is 'n Teken dat die Bloed van verlossing aangewend is en jou reisgeld betaal is. God seën julle. Broer Neville.

www.messagehub.info

Preke Gelewer Deur

William Marrion Branham

"… in die dae van die stem …" Openb. 10:7